2. Bartsch R C, Jones G D, Smit J P J 1975 Vitamin A deficiency in the captive African Lion cub, *Panthera leo* (Linnaeus, 1758). Onderstepoort Journal Veterinary Research 2: 43-54
3. Graham-Jones O 1964 Further thoughts on a metabolic disease of lions; is it secondary hyperparathyroidism? Tijdschriff Dieregeneeskunde 89: 83-88
4. Gilmore D 1983 Cervical pain in Small Animals: Differential Diagnosis. Compendium on continuing Education for the Practising Veterinarian 5: 11: 953-958
5. O'Sullivan B M, Mayo F D, Hartley W J 1977 Neurological lesions in young captive lions associated with vitamin A deficiency. Australian Veterinary Journal 53: 187-189
6. Seim H B, Winthrow S J 1982 Pathophysiology and diagnosis of caudal cervical spondylo-myelopathy with emphasis on the Doberman Pinscher. Journal American Animal Hospital Association 18: 241-251
7. Selcer R R, Oliver J E 1975 Cervical Spondylopathy — Wobbler Syndrome in Dogs. Journal American Animal Hospital Association 11: 175-179
8. Trotter E J, Delahunta A, Geary J C, Brasmer T H 1976 Caudal cervical vertebral malformation-malarticulation in Doberman Pinschers. Journal American Veterinary Medical Association 168: 917-930
9. T-W-Fiennes R N, Graham-Jones O 1959 Studies of a nutritional disease (Osteodystrophia fibrosa) of young lions associated with changes of the skeleton and symptoms of muscular weakness. Proceedings Zoological Society London 133: 573-591

NUTRITIONAL SECONDARY HYPERPARATHYROIDISM IN A LION CUB

I.B.J. VAN RENSBURG* and M.H. LOWRY**

ABSTRACT: Van Rensburg I.B.J.; Lowry M.H. **Nutritional secondary hyperparathyroidism in a lion cub.** *Journal of the South African Veterinary Association* (1988) **59** No. 2, 83-86 (En). Department of Pathology, Faculty of Veterinary Science, University of Pretoria, Private Bag X04, 0110 Onderstepoort, Republic of South Africa.

A female lion cub about 5 months old from a litter raised artificially in a lion park, was euthanased and necropsied. The history was one of poor growth, lameness, a reluctance to move and skeletal malformations with disproportionately large head and feet. The cub had been fed meat and milk supplemented with calcium and vitamins. All the bones in the body were exceptionally soft and flexible. The long bones, vertebrae and ribs were easily split in half with a knife. The scapulae were deformed and medially curved. The long bones were shorter and thicker in diameter than normal, with very thin cortices. Numerous pathological fractures exhibiting minimal callus formation were present. The ribs were rounded, abnormally curved and very short in comparison to the length of costal cartilages. Radiographically, a marked osteoporosis was observed. Histopathological examination revealed a severe diffuse fibrous osteodystrophy with very little bone present. The osteoid was improperly mineralised and tissue sections for microscopy were cut without any need for prior decalcification. Little space for haemopoietic tissue remained. The lesions were considered consistent with those in animals raised on a diet containing excessive phosphates and low calcium.

Key words: Fibrous osteodystrophy, juvenile osteoporosis, osteodystrophia fibrosa, nutritional secondary hyperparathyroidism, lion

INTRODUCTION

Nutritional secondary hyperparathyroidism, also known as nutritional osteodystrophia fibrosa is caused by diets low in calcium and high in phosphorous, while a deficiency of vitamin D may also be incriminated[1,2]. In carnivores it is seen in young rapidly growing individuals where it is also referred to as juvenile osteoporosis, while in equines it occurs in adults where it is also referred to as bighead, bran disease or miller's disease.

In dogs and cats nutritional secondary hyperparathyroidism is caused by diets consisting mainly or entirely of meat and offal. Such diets have a very low calcium content and the calcium:phosphorous ratio is very wide. In cardiac and skeletal muscle for example, the ratio is 1:20, with a calcium content of about 100 mg kg^{-1}. The ideal ratio is 1,5-1,8 parts of calcium to every part of phosphorous[1].

Clinical signs in puppies and kittens include obscure lamenesses, lethargy, recumbency and obstipation. The bones are fragile and fractures and deformities are common, the latter occurring especially in the spinal column, ribs, sternum and scapulae[2].

CASE HISTORY

A litter of lion cubs was removed from the mother immediately after birth. For the first 4 days, they were fed cow's colostrum which had been maintained before use in a frozen state and thereafter a mixture of 3 parts Carnation milk (Carnation Food Distributors, Johannesburg) and one part water. When they were able to eat solid food, meat was added to the diet. From about the age of 10 weeks, they were gradually weaned off the milk diet and were introduced to carcases obtained from an abattoir. This diet was supplemented with two commercial preparations, one containing vitamins (A, D3, E) and minerals (calcium, iron) (Calsup, Centaur, Johannesburg) and the other containing haematoporphyrin, procaine hydrochloride and nicotinamide as well as vitamins (E, A, B_1, B_2, C) in a yeast base (Salupet, Noristan, Pretoria) at the dosage rates recommended for puppies. It was noticed that they only ate meat and could not chew the bones. They were housed in closed enclosures with very little exposure to natural sunlight.

The whole litter showed a stunted growth. The skeletal frames were small, while the heads and paws were disproportionately large. The animals showed varying degrees of lameness and were disinclined to move or play. The worst affected member of the litter was euthanased by barbiturate overdosage and submitted for post-mortem examination.

Radiological examination of the carcase showed severe osteoporosis, the bones being very radiolucent and the cortices of the long bones were very thin (Fig. 1 & 2). Evidence of several greenstick fractures with some callus formation was noticed.

Macroscopic findings

At necropsy, the most conspicuous finding was the extreme softness and flexibility of all the bones in the body. The spinal cord was removed simply by cutting through the vertebrae with a knife, without resorting to a chopping action of the knife or the use of an axe or saw (Fig. 4). The vertebral bodies were shorter than normal (Fig. 3), while the scapulae were grossly deformed having shorter, thicker, medially curved bodies (Fig. 6). The long bones were shorter and thicker than normal, some were abnormally bent, and the cortices were much thicker on the concave than on the convex side, parts being up to 8 mm in thickness with a laminated appearance. The bones could easily be bent or twisted (Fig. 5).

The ribs showed several abnormalities: the ratio in the

* Department of Pathology, Faculty of Veterinary Science, University of Pretoria, Private Bag X04, 0110 Onderstepoort, Republic of South Africa
** Practitioner, Cato Ridge

0038-2809/88/06/0083-0086

length of each rib to that of its costal cartilage was greatly reduced; the ribs were round and not flattened on cross section, and the normal curve (sprung of the ribs) was absent, which lead to a straighter rib and a reduced capacity of the thoracic cavity. Along the length of many of the ribs were numerous irregular thickenings which probably represented sites of healing of pathological fractures with fibrous callus formation (Fig. 3 & 4). The costochondral junctions were moderately enlarged, but the epiphyseal lines were not widened, irregular or wavy in appearance.

The thyroids were of normal size and had a pale yellowish-brown colour. The parathyroids were reddish-brown, hyperplastic and each measured approximately 6x4x3 mm.



Fig. 1 & 2: Radiographs showing severe osteoporosis. Note radiolucent appearance of the skeletal system and calusses in ribs (arrow)
Fig. 3: Note the short vertebral bodies and abnormal ratio in length of rib to that of the costal cartilage
Fig. 4: The affected bone could easily be cut with a knife. The ribs show irregular thickenings in areas of healing fractures (arrow)
Fig. 5: Note the thin cortex, the abnormal curvature and the thin regular epiphyseal line (arrow)
Fig.6: Abnormally formed scapula
Fig. 7: Ossification centre in a phalanx with normal bone formation but marked lack of calcification. Note cartilage in spicules of bone (arrow) and the hypoplastic formation of diaphyseal compact bone at the bottom of the picture. X40
Fig. 8 & 10: Thickened periosteum and fibrous tissue in spicules of poorly mineralised osteoid along the diaphysis. X40
Fig. 9: Fracture with collagenous callus formation. X40
Fig. 11 & 12: Spicules of bone embedded in fibrous tissue in periosteal area and reticular connective tissue in medullary area. Note scant haemopoietic activity and few osteoblasts around some bony spicules (arrow). X200
Fig. 13: Thyroid showing C-cell hyperplasia (arrow). X400
Fig. 14: Hyperplasia of the parathyroid. X400
(All magnifications given are the originals used during microphotography.)



Microscopic findings

All the bones were soft enough to enable blocks to be trimmed and sections for microscopical examination to be cut from them without prior decalcification.

At the endochondral ossification centres, there was no evidence of chondral calcification, but ossification appeared fairly normal, except for the lack of proper mineralisation. Cores of cartilage persisted in most of the bony spicules for short distances into the metaphyses (Fig. 7). Ossified parts of the bones showed severe fibrous osteodystrophy. Cortical compact bone was not composed of a continuous layer of bone, but consisted of a thickened periosteum covering fibrous connective tissue in which poorly mineralised spicules of bone were embedded (Fig. 8 & 10). From this, spicules of bone radiated into the metaphyseal area where the interosseous spaces were occupied by mesenchymal and reticular connective tissue criss-crossed by delicate blood vessels with widened lumens (Fig. 11 and 12). Haemopoietic tissue was present in some areas, but in diminished quantities, (Fig. 11 and 12). Bone spicules were either not, or only poorly, mineralised and were covered in many instances by a layer of osteoblasts. Osteoclasts were present, but were not numerous and in some areas they were embedded in the fibrous and reticular connective tissue. Calluses at sites of previous fractures were recognised as a local thickening of compact cortical bone, as a result of proliferation of fibrous connective tissue and cartilage (Fig. 9). Focal accumulations of macrophages laden with haemosiderin were noticed at these sites, but no large haemorrhages or cystic areas due to previous extensive haemorrhages were observed.

The thyroids showed prominence of interstitial connective tissue and a marked C-cell hyperplasia (Fig. 13). No other significant deviations from normal were encountered. The parathyroids were hyperplastic and moderately congested and consisted of cords and clusters of chief cells with a fine foamy cytoplasm (Fig. 14). No follicles were formed and no distinct oxyphilic cells were evident.

No signs of metastatic calcification were noticed in the lungs or kidneys.

DISCUSSION

A common mistake often made in the artificial rearing of wild carnivores is to feed them on a solely meat diet, predisposing them to the development of nutritional secondary hyperparathyroidism. In the wild, these animals also consume organs such as the liver as well as entrails and bones which supply essential vitamins and minerals. It was not easy to determine what mistake was made in rearing the lion cub described in this paper, as the diet had been supplemented with calcium and vitamin D_3. The diet, as well as the limited exposure to sunlight would, however, seem to have played a key role in the pathogenesis of the lesions. This is substantiated by the fact that subsequent litters raised under similar conditions but with more exposure to sunlight and increased levels of calcium and vitamin D supplementation did not develop the disease.

The lesions in the cub corresponded very well with those described in experimental cases of nutritional secondary hyperparathyroidism in cats[3] and those seen in a tiger[4] and a colony of lemurs[6]. Similar lesions were reported in primates[5 8], birds[7] and reptiles[9] suffering from the same condition. The lion cub showed no signs of rickets, but classical lesions of severe juvenile osteoporosis were present. Replacement of cortical bone by spicules of poorly mineralised osteoid embedded in fibrous connective tissue, explains fully the clinical signs of lameness and reluctance to move, the numerous fractures, softness and flexibility of the bones in the cub. Considering the limited space in the bones to accommodate haemopoietic tissue one would have expected a myelopthisic anaemia to be present, yet the carcase did not appear to be anaemic. Unfortunately no haemotological or chemical pathological examinations were performed. The histopathological observation of C-cell hyperplasia in the thyroid and the simultaneous hyperplasia of the parathyroid seems paradoxical as the former, allegedly results from a hypercalcaemia while the latter results from a hypocalcaemia (or hyperphosphataemia). In cases of nutritional secondary hyperparathyroidism the blood calcium may be low, normal or elevated. This possibly explains the absence of metastatic calcification of soft tissues in nutritional secondary hyperparathyroidism while it is such a common phenomenon in renal secondary hyperparathyroidism in uraemic dogs. Furthermore the fibrous osteodystrophy associated with renal secondary hyperparathyroidism and bran disease in equines is characterised by the presence of numerous osteoclasts in affected bone, a feature which was absent in this case. This is probably because the lesions in the lion cub occurred in bone which was still actively growing whereas in the aforementioned conditions the lesions developed in bone which had already matured.

Renal cortical atrophy and diffuse renal fibrosis has been recorded in large carnivores fed on a diet consisting mainly of meat, but it was not present in this lion cub.

ACKNOWLEDGEMENTS

Prof C J Roos is thanked for the radiological examination of the carcase, Prof R C Tustin and Mrs V Käber for respectively reading and typing the manuscript, Mrs H Smit for the photography and Mrs M M E Smit for preparing the photographic plates.

REFERENCES

1. Jubb K V F, Kennedy P C, Palmer N 1985 Pathology of Domestic Animals 3rd edn Academic Press, Orlando
2. Jones T C, Hunt R D 1983 Veterinary Pathology 5th edn Lea & Febiger, Philadelphia
3. Krook L, Barrett R B, Usui K, Wolke R E 1962 Nutritional secondary hyperparathyroidism in the cat. The Cornell Veterinarian 52: 224-240
4. Slusher R, Bistner S I, Kircher C 1965 Nutritional secondary hyperparathyroidism in a tiger. Journal of the American Veterinary Medical Association 147: 1109-1115
5. Snyder S B, Omdahl J L, Law D H, Froelich J W 1980 Osteomalacia and nutritional secondary hyperparathyroidism in a semi free-ranging troop of Japanese monkeys. In: Montali R J, Migaki G (ed.) The Comparative Pathology of Zoo Animals Smithsonian Institution Press, Washington D.C. 51-57
6. Tomsom F N, Lotshaw R R 1978 Hyperphosphatemia and hypocalcemia in Lemurs. Journal of the American Veterinary Medical Association 173: 1103-1106
7. Wallach J D, Cooper J E 1982 Nutritional diseases of wild birds. In: Hoff G L, Davis J W (ed.) Non-infectious diseases of Wildlife 1st edn The Iowa State University Press, Iowa: 113-125
8. Wallach J D, Hoff G L 1982 Nutritional diseases of mammals. In: Hoff G L, Davis J W (ed.) Non-infectious diseases of Wildlife 1st edn The Iowa State University Press, Iowa: 127-154
9. Wallach J D, Hoff G L 1982 Metabolic and nutritional diseases of reptiles. In: Hoff G L, Davis J W (ed.) Non-infectious diseases of Wildlife 1st edn. The Iowa State University Press, Iowa: 155-167

DIE VEEARTS EN DIEREREGTE

Die waarde van geselskapsdiere in moderne gemeenskappe is veral gedurende die afgelope dekade herwaardeer. 'n Gedagte wat feitlik gelyktydig hiermee opnuut aandag gekry het, is die erkenning en bevordering van diereregte. Filosofieë rondom die kwessie van diereregte is geformuleer en belangegroepe het tot stand gekom. In sekere kringe is hierdie denkrigtings nie net gestel as 'n ideaal of alternatiewe benadering nie, maar goed georganiseerde pogings (byvoorbeeld lektuur en advertensies) is van stapel laat loop om die idees aan die gemeenskap oor te dra. Alhoewel die veldtogte meesal op die algemene publiek gerig is, verskyn daar dan ook 'n aantal artikels in wetenskaplike tydskrifte wat diereregte ondersteun, asook boeke oor dieselfde onderwerp.

Die aktiviste van hierdie beweging hou hulle veral besig met protesoptogte en betogings; dit het al selfs gelei tot beskadiging van eiendom om bewyse te bekom van wreedhede en om diere te bevry. Volgens die 1985 verslag van The Humane Society of the United States[36], het dié vereniging meer as 'n miljoen dollar wins in daardie jaar getoon. Hulle *Animal Activist Alert* nuusbrief word gereeld aan 7 000 aktiviste gestuur. In 1981 is daar 'n Animal Rights Coalition[3] gestig, wat hulleself as aktiviste en "grass roots"-groepe beskryf, om diereregte te bevorder.

Professor Heuse, stigter en eerste President van die International League for Animal Rights, sê in sy *Declaration of the Rights of the Animals* in 1978, dat verteenwoordigers van diereregtegroepe 'n effektiewe inspraak op alle vlakke van regering moet hê en dat diereregte net soos menseregte beskerming deur die wet moet geniet. Osterhoff[22] sê dat as hierdie groepe in hulle doel slaag, diereregte in die jaar 2 000 wyd erken sal word met 'n universele handves, wat wêreldwyd aanvaar sal word.

Dat die veterinêre professie by die saak van die diereregte betrek sou word, blyk 'n onvermydelike wending te wees. Hoe langer hierdie tendense deur veeartse geïgnoreer word, hoe moeiliker kan dit word om standpunte teen mekaar op te weeg. Om perspektief op die onderwerp te kry, word die eerste deel gewy aan 'n historiese oorsig oor beskouings van mense oor diereregte en die tweede deel handel oor uitsprake oor diereregte wat die veterinêre professie betrek.

Die derde deel bevat 'n opname onder veterinêre studente oor diereregte en laastens word standpunte oor diereregte ingeneem.

OORSIG VAN DIE MENS SE BESKOUINGS OOR DIEREREGTE

Die boek *Animals rights and human obligations*[23] bevat 'n aantal essays oor uitsprake wat op diereregte betrekking het. Uittreksels van sommige menings word chronologies weergegee.

Aristoteles,[23] een van die vroeë denkers oor die mens-tot-dier-verhouding, het in die vierde eeu v C gemeen dat "laer diere" verskeie eienskappe met die mens in gemeen het. Sulke eienskappe sluit in: die vermoë om te voed, die vermoë om voort te plant, die vermoë om bewus te wees van die wêreld deur sensoriese organe en die vermoë om te begeer, te voel, te onthou en te dink. Aristoteles het daarop gewys dat die eerste twee eienskappe ook deur plante gedeel word. Omdat die mens die vermoë besit om te redeneer, kan die mens dus as 'n "rasionele dier" ("hoër dier") beskou word.

Plutarchos[23], ca 46 - 120 n C, meen dat dit nie nodig is om vleis te eet om gesond te lewe nie, maar dat dit nie verkeerd is om 'n dier dood te maak as dit nodig is om 'n mens se lewe te red nie. Verder meen hy dat mense wat wel diere teel en slag om te eet, dit nie weens gesondheidsoorwegings doen nie, maar bloot om hulle smaak te bevredig. Omdat hierdie spesifieke genietinge onnodig is, is die pyn wat aan slagdiere veroorsaak word, òòk onnodig en omdat die pyn onnodig is, is dit verkeerd om diere vir slag-doeleindes aan te hou en te teel.

Descartes[23] 1596 - 1650, het diere as "outomata" (masjiene) beskou. Diere sou dan geen bewussyn hê nie en gedagteloos en sielloos wees. Daarom het die mens geen verpligting teenoor diere nie.

Kant[23] 1724 – 1804, glo dat die mens 'n doel in homself het en dus 'n intrinsieke waarde het. Hy sien die verskil tussen mens en dier as die feit dat mense outonome wesens met 'n eie vrye wil is. Kant is teen wreedheid teenoor diere, maar hy is eerder bekommerd oor watter effek sulke wreedheid op die mens het. Mense wat wreed teenoor diere is, word ook hard teenoor mense. Die mense se pligte teenoor diere, is feitlik indirekte pligte teenoor die mensdom.

Bentham 1748 – 1832 en Mill[23] 1806 – 1873, glo dat die dag sal kom wanneer die res van die diereryk ook daardie regte sal verkry wat nooit deur die mens se hand van tirannie van hulle teruggehou moes gewees het nie. Soos die Franse ontdek het dat die kleur van die vel geen rede is waarom daar teen 'n mens gediskrimineer hoef te word nie, so sal daar besef word dat die aantal bene, die harigheid van die vel of die rigting van die *os sacrum*, ook nie genoegsame redes is om sensitiewe wesens (diere) aan dieselfde lot te onderwerp nie. Hulle vra of daar dan ander bewys is wat as onoorkomelike verskille aangetoon kan word. Sou dit dalk die vermoë tot rede of gesprek wees? 'n Volgroeide perd en hond is egter ver meer rasioneel as selfs 'n maandoue baba. Die vraag is nie of diere kan redeneer of praat nie, maar of hulle kan ly.

Schopenhauer[23] 1788 – 1860, meen dat die mens geen doel in homself het nie, en dat dit as 'n teologiese idee totaal verwerp moet word as sinloos. 'n Mens moet blind of narkoties wees om nie te besef dat die essensiële of belangrikste dinge in die mens en dier dieselfde is nie en dat die verskille slegs op die sekondêre vlak van intellek en graad van die denkvermoë lê. Hierdie graad is hoër in die mens deur die bykomende vermoë tot abstrakte kennis, genoem die rede. Hierdie meerderwaardigheid is slegs waar te neem in 'n groter serebrale ontwikkeling. Dit is dus 'n enkele liggaamlike verskil van 'n spesifieke deel van die brein, en dít slegs in kwantiteit. Aan die ander kant is die ooreenkomste tussen

0038-2809/88/06/0087-0097

mens en dier onvergelykbaar groter, psigies sowel as somaties.

Darwin[23] 1809 – 1882, glo dat as die vermoë tot rede (rasionele denke) ook op die nie-verbale gedrag beoordeel word, diere wel rasionele wesens is. Hy sê hy wil aantoon dat daar geen fundamentele verskil in verstandelike vermoëns tussen die mens en ander hoër diere bestaan nie.

Rickaby[23] 1945 – 1982, kom weer tot die gevolgtrekking dat diere geen begrip het nie en daarom geen persone is nie. Hulle kan dus nie regte hê nie en diere is ook nie selfgesentreerd nie.

Salt[23] 1851 - 1889, voel dat dit beter vir diere is om glad nie te lewe nie as om versorg te word om geslag te word. Hy meen al die vrae oor diereregte verminder net die belangrikheid van diereregte. Dit word gekenmerk deur die kontroversie oor regte en word nie veel meer as 'n akademiese stryd oor woorde nie. Vegetarisme is die dieet van die toekoms en vleis dié van die verlede. Salt meen dat "laer diere" ongetwyfeld regte het as mense regte het.

Ritchie[23] 1853 – 1903, glo dat om 'n "reg" te hê, is om 'n aanspraak op iets, of teen ander te kan hê en dit is alleen vir lede van die menslike gemeenskap beskore. Laer diere kan dus geen regte hê nie. Hy sê die feit dat diere deur wette beskerm word, beteken nie dat hulle regte het nie, want daar is ook wette wat byvoorbeeld ou geboue beskerm. Geen wette wat oor diere bestaan gee hulle regte in die wettige sin van die woord nie. Daar mag wel "natuurlike regte" wees wat skadeloos gebruik kan word in akademiese besprekings. Wreedheid teenoor diere kan tereg gesien word as 'n oortreding teen die menslike gevoel. Die mens se plig teenoor diere is 'n plig teenoor die menslike gemeenskap. Pligte van welwillendheid teenoor diere beteken nie dat diere "regte" teen die mens ontvang nie; die belange van die menslike gemeenskap moet die mens se uiteindelike kriterium van reg of verkeerd wees.

Feinberg[23] erken dat daar in die kwessie rondom diereregte hoogs verwarrende grensgevalle voorkom. Hy sê ons kan wel pligte hê **aangaande** diere, maar nie noodwendig **teenoor** diere nie. Ten spyte hiervan glo die meeste mense dat diere wel regte het, maar hulle huiwer om dit te erken weens die verwarring oor wat presies met diereregte bedoel word.

Rachels[23] sê dat menseregte 'n formidabele wapen teen slawerny, rassisme, seksisme en ander diskriminasie was. Regte moet egter oorgaan na die "nie-mense" omdat hulle óók oor die reg tot vryheid beskik. Hy is selfs bereid om so ver te gaan om te sê dat sekere "nie-mense" wel oor 'n moraal beskik.

White[23] glo dat om laer diere in die mens se etiese sisteem in te sluit, filosofies sinloos en prakties onmoontlik is.

Regan[23] noem vier kriteria wat gewoonlik gebruik word om mense van diere te onderskei. Dit is die vermoë om te redeneer, die vermoë om vrye keuses te maak, die konsep van die "self" en kombinasies van bogenoemde. Dit beteken egter nie dat "nie-mense" ook nie een of al hierdie eienskappe kan hê nie. Dit beteken beslis egter ook nie dat alle mense aan hierdie eienskappe voldoen nie. Regan beweer dat gevoel, die ondervinding van plesier en pyn 'n gemeenskaplike eienskap van mens en dier is en dus regte aan diere verseker. Hy is bekommerd dat mense diere eet, op hulle eksperimenteer en party diere se gewoontes vernietig, terwyl die mens selde daaroor dink of sulke optredes eties verdedigbaar is.

Singer[23] sien die stryd vir die gelykheid vir alle diere as dieselfde as die stryd vir ander onderdrukte groepe soos die swart bevrydingsbeweging, die vryheidsbeweging van die Spaanssprekende Amerikaners, homoseksueles en 'n verskeidenheid ander minderheidsgroepe. Hy beweer dat, toe diskriminasie op grond van geslag verdwyn het, gesê is dat dit die laaste vorm van diskriminasie was, maar dat die sak vir diereregte bewys het dat dit nie so is nie. Singer glo dat soos daar rassisme en seksisme bestaan, daar ook **spesisisme** bestaan. Hy erken wel oppervlakkige verskille tussen rasse en geslagte, maar die beginsel van gelykheid lê nie in die beskrywing van die mense nie, maar hoe hulle behandel word. Dieselfde geld vir die dierespesies. Die spesisis laat toe dat die belange van sy spesie die belange van 'n ander spesie oorheers. Die meeste mense is dus spesisiste. Hy kan ook nie sien hoe babas, verstandelik gestremdes, psigopate, Hitler, Stalin en diesulkes, hoër waarde kan hê as wat 'n olifant, vark of sjimpansee ooit kan bereik nie. Alle mense kan dus nie 'n intrinsieke waarde hê nie. In verdere argumente sê Singer dat om die komplikasie van "potensiaal" te vermy, sal hy konsentreer op "permanente vertraagde persone" en so besluit hy dat álle diere, of dan mense en "nie-mense", gelyk is.

Tot sover die uittreksels uit die boek. Enkele ander kontemporêre uitsprake lui as volg:

Solomon[30] meen dat die ooreenkomste in dierlike en menslike breine suggereer dat diere en mense psigologies eenders is, maar dat 'n mens die ooreenkomste in elke spesie afsonderlik moet beoordeel. Die gevolge van lyding varieer van een spesie tot 'n ander. Die alles-of-niks-vrae oor mens en dier moet vervang word met vrae oor die **vlakke** van diere se bewussyn. Vrae soos of diere intelligent is, 'n taal het, of emosies het moet eerder verander na watter sóórt intelligensie, taal en emosies. Hierdie vrae sal waarskynlik altyd onbeantwoord bly.

Clark[5] lewer 'n pleidooi om ten minste die hoër diere te sien as "we mammals", of "we animals", in plaas van "we men". Hy sê die mens moet sy solidariteit en gemeenskaplike voorvaders met ander diere, wat nie van die mens se onmiddellike soort is nie, in gedagte hou. Hy voel ook baie sterk oor vegetarisme en stel dit as 'n voorvereiste vir alle persone wat hulle vir diereregte beywer. Mense wat nog vleis eet het geen outoriteit om oor diereregte te praat nie en hulle kan nie ernstige moraliste wees nie.

Allbright[1] sê dat in Amerika, die sestigerjare studente- en swart onrus teweeggebring het en die sewentigerjare die kwessie van vroueregte, maar dat die tagtigerjare sal behoort aan die bewegings vir die regte en welsyn van diere, insluitende produksiediere. Die diereregte kwessie sal nie verdwyn nie.

Miller[19] is weer ten volle oortuig dat die mens as jagter, biologies, antropologies en histories geregtig is om diere tot sy voordeel te gebruik, as voedsel sowel as vir geselskapsdiere. Dit beteken egter glad nie dat hy wreedheid teenoor diere goedkeur nie.

Rosenwald[27] sê dat die mens verantwoordelikhede het vir die welsyn en menslike versorging van álle diere en dat dít 'n absolute aanvaarbare feit is. Dat diere "regte" het soos die mens, is per definisie nie noodwendig aanvaarbaar nie, want daar is groot belangrike grys areas in die sieninge oor wat diereregte presies is.

In 1985 het 'n nuwe tydskrif verskyn onder die titel: *Between the species*, wat 'n spreekbuis geword het vir die heel nuutste denke oor diereregte. Die bydraes is

veral op 'n filosofiese grondslag gebaseer. Enkele aanhalings uit die eerste jaar se uitgawes word gemaak:

Giraud[11] sê in die eerste uitgawe dat die gedagte van diereregte dalk in die tyd van die Renaissance begin posvat het, maar dat Henry Salt se werk in 1892, *Animal rights*, 'n buitengewone bydrae in dié verband was. In die redaksionele kommentaar[7] van dieselfde uitgawe word gesê dat gepoog sal word om die tydskrif 'n medium vir interspesiedialoog te maak. Die gesprek moet geskied op die tema van absolute rekonsiliasie tussen mens en natuur. (Ongelukkig het daar tot dusver net bydraes van een spesie tot die dialoog verskyn)! In die redaksionele kommentaar[8] in die daaropvolgende uitgawe word gesê dat diere wat in navorsing gebruik word, billik vergoed moet word. (Die redakteur het nie die aard van die vergoeding omskryf nie). Magel[15] sien die posisie van diere teenoor die mens as parallel met dié van slawe en bepleit 'n dierebevrydingsbeweging. Hummer[12] beweer dat gedragkenners, taalkenners en etoloë gefaal het om enige kwaliteit in die mens te definieer wat nie in 'n sekere graad óók in diere aanwesig is nie, veral dan so in die hoër diere. As dit 'n feit is, dan het die mens 'n plig om 'n manier te soek om op die een of ander wyse met sy bure op die planeet te kommunikeer. Stockwell[31] beweer dat die proses om gode, stamme (rasse) en spesies uit te wis, dieselfde is. Hy het ook beswaar oor Singer[29] se stelling dat hy die lyn vir gelyke oorwegings vir spesies net bó die molluske trek. Gelykheid moet vir álle diere geld. Fox[10] skryf dat mense wat glo dat die mens die meerdere van die dier is, nie in staat is tot etiese objektiewe en verantwoordelike optrede teenoor diere nie. So 'n hiërargie onder spesies skep 'n valse indruk van die realiteite. Opvoeders, wetenskaplikes, filosowe en andere, word gewaarsku teen die subtiele vertakkings van idees waarin die houding teenoor diere, nie sou neerkom op demokrasie of gelykheid nie. Sunlin[33] is oortuig dat antroposentrisme 'n menslike drogrede is, alhoewel feitlik al die mense die siening gehad het en nog het. Antroposentrisme is gegrond op 'n besliste onderskeiding tussen mens en "nie-mense", wat nie bestaan nie. Ost[21] sê dat Regan se werk, *The case for animal rights* 'n briljante en goed beredeneerde werk vir diereregte is en hy beskou Regan as die persoon wat die ernstigste argumente vir diereregte na vore gebring het. Ost voel egter dat die mens se tirannie oor die natuur nie vervang moet word deur 'n passiewe viktimisasie van die mens deur die natuur nie. Hy meen dat die mens die verloorder sal wees in die onvermydelike konfrontasie tussen spesies.

Tot sover aanhalings uit die tydskrif *Between the Species*. Om hierdie deel se menings oor diereregte af te sluit, word daar na Morgan[20] se gidsplan gekyk, wat houdings teenoor diere kategoriseer. Let op dat veterinêre organisasie onder Dierebeheer geplaas word.

(i) Diere-uitbuiting ("animal exploitation")
Diere word gebruik om mense te plesier deur teen mekaar te veg of hulle word in wrede sportsoorte gebruik soos bulgevegte en hondegevegte. Reëls en wette word verbreek.

(ii) Dieregebruik ("animal use")
Diere is daar vir menslike gebruik maar pyn en lyding moet voorkom word, waar moontlik. Jag en rodeos en die aanhou van eksotiese diere word aanvaar.

(iii) Dierebeheer ("animal control")
Wette wat diere reguleer moet nagekom word, maar dit is mense se eie probleem as hulle onverantwoordelik teenoor diere optree. Hierby sluit die skryfster proefdiereenhede, plaaslike owerhede en veterinêre organisasies in. Genadedood word aan oorlasdiere toegedien.

(iv) Dierewelsyn ("animal welfare")
Mense moet diere so goed as moontlik behandel en dit word van mense verwag om dit te doen. As mense nie wil of kan nie, dan het die welsynsgroepe 'n plig om na lydende en daklose diere om te sien. Hierdie mense is gekant teen eksperimente op diere en sal oorlasdiere eerder steriliseer as om 'n genadedood toe te dien.

(v) Diereregte ("animal rights")
Diere het intrinsieke regte en dit moet gewaarborg word net soos dié van die mens. Diere mag nie doodgemaak, geëet, vir sport of navorsing gebruik of op enige ander manier misbruik word nie. Mense wat hiervoor pleit sluit diereregtegroepe, antiviviseksiegroepe en mense wat spesiale diereversorgingsoorde en ouetehuise vir diere oprig, in. Sommige sal selfs sê dat geselskapsdiere die reg het om te teel soos hulle wil.

(vi) Dierebevryding ("animal liberation")
Diere mag op geen wyse gedwing word om tot voordeel van die mens, te werk of te produseer nie. Alle gebruik en misbruik van diere moet beëindig word. Die groepe wat dít bepleit, staan 'n algehele restrukturering van die gemeenskap se ekonomiese en besittingsreg voor. Van hierdie mense noem hulleself aktiviste en sal onwettige metodes goedkeur of aanwend om diere te bevry. Militante groepe is selfs bereid om geweld te pleeg ter bevordering van hulle strewes. Hierdie mense sal nie geselskapsdiere aanhou nie, omdat dit 'n vorm van slawerny is.

MENINGS OOR DIEREREGTE WAT DIE VEEARTS BETREK

Alhoewel die veterinêre professie van tyd tot tyd direk by die debat oor diereregte betrek word, neem veeartse, of spreekbuise vir die veearts, soos verenigings en fakulteite, selde amptelik aan die debat deel. Dít, ten spyte van die feit dat veeartse al daarvan beskuldig is dat hulle die enigste professie is wat hulle pasiënte eet. Veeartse word aangemoedig om bykomende versekering uit te neem teen klagtes van diereregtegroepe. Min veeartse het hulle egter tot nou toe openlik en met oortuiging by die diereregtegroepe geskaar. Die veeartse wat dit wel gedoen het, is meesal nie-praktiserende veeartse. Vandag se geestelike leiers in diereregtebewegings soos Regan, Rolin, Singer en Fox is filosowe. Fox is wel as veearts opgelei maar het hom sedertdien op die gebied van die filosofie onderskei. Hy is tans Direkteur van Wetenskaplike Studies van die Humane Society of the United States of America.

Rolin[26] wat in 'n outobiografie verduidelik hoe hy in diereregte begin belang stel het, sê dat hy verveeld en rusteloos geraak het met sake oor mediese etiek. Hy is toe gevra om 'n lesing oor etiek in 'n veterinêre

fakulteit te gee. Nadat hy die saak oordink het, het hy besluit dat die fundamentele vraag vir die veterinêre etiek die morele status van die dier is. Sy byna toevallige kontak met die veterinêre professie het hom laat besluit dat hier 'n geleentheid was om etiese idees in die konteks van 'n groep wie se doel is om na die gesondheid en welsyn van diere om te sien, te ontwikkel. Hierdie groep het egter tot op daardie stadium geen duidelike bewustheid of uitsprake oor die morele vraagstukke onderliggend aan hulle professie gehad nie.

Fox[9] glo dat die veearts se eed verander moet word sodat die veearts se diens **nie** primêr tot voordeel van die gemeenskap aangewend moet word nie, maar áltyd direk tot voordeel van die dier moet strek.

Tisschler[38], die Uitvoerende Direktrise van die Attorneys for Animal Rights, meen dat veeartse die slapende skoonhede in die diereregtebewegings is. Sy sê dat dit 'n ongelukkige feit is dat veeartse en diereregte- of dierewelsynsmense blykbaar in gedurige konfrontasie verkeer. Nogtans sal die diere-aktiviste wat negatief oor die veterinêre professie voel, hulle eie veearts respekteer en vertrou. 'n Mens moet ook nie verwag dat alle veeartse met sulke bewegings moet assosieer nie. Alle mediese dokters assosieer nie met bewegings wat kernoorloë wil voorkom of die stryd teen honger in die wêreld aankoop nie, terwyl hulle steeds goeie dokters is. Sy glo egter dat een rede vir veeartse se onbetrokkenheid is dat hulle voel dat diereregtegroepe te emosioneel is. Sy ontken ook nie dat dit wel waar is van sekere diereregtegroepe nie.

Tisschler stel die basiese diereregteteorie soos volg: Diere lewe, kan pyn en plesier (gevoel) ervaar, belange hê en is voorwerpe van morele betrokkenheid. Dit verplig die mens om diereregte in ag te neem. Probleme kom egter in die praktyk na vore, wat Tisschler raaksien, maar waarvoor sy geen oplossing bied nie. Sy sê dit is vir baie veeartse moeilik om te begryp en 'n verleentheid, dat diere regte het wat apart is van die eienaar en dat hy moontlik basiese regte van diere kan oortree. Om dus net die kwessie van diereregte te begin oorweeg, is vir veeartse soos om Pandora se kissie oop te maak. Sy gee verder toe dat ekonomiese faktore ook die veearts se betrokkenheid kan beïnvloed, maar dat dit nie daarom nodig is om 'n anti-diereregtestandpunt in te neem nie.

Mench & Von Tierhoven[18] meen dat die studie ten opsigte van plaasdierwelsyn steeds in sy kinderskoene staan. Etoloë, fisioloë, landbou- ingenieurs, veeartse en produseerders moet ingespan word om beide diere én hulle eienaars te bevoordeel.

Dit is interessant om daarop te let dat nie alle filosowe wat die diereregtesaak beoordeel, diereregte ondersteun nie. Tannenbaum[34] sê dat die nuwe diereregtefilosowe onaanvaarbare alternatiewe bied. Hy verwys na Regan[24] en Rolin[25] se idees as verkeerd en kortsigtig. Baie veeartse sien Regan en Rolin se etiese studies as ondermynend tot hulle belange en voortbestaan.

Tannenbaum[34] het dit veral teen Rolin se benadering wat gebaseer is op die afwesigheid van relevante, morele verskille tussen mense en diere. Tannenbaum voel ook dat die woord "regte" geïdentifiseer word met 'n spesifieke onaanvaarbare benadering. Die morele betekenis van die mens-tot-dier-verhoudings plaas die etiek rondom die veterinêre professie egter in 'n nuwe lig. Hy gee ook toe dat daar moeilike vrae is om te beantwoord en sê dat die veterinêre etiek sulke vrae moet hanteer ('n duidelike uitdaging aan die professie). In 'n tweede artikel het Tannenbaum[35] riglyne aan die veearts voorsien omdat die saak van diereregte groot verleentheid onder veeartse veroorsaak. Praktiserende veeartse sien in diereregtebewegings net nog 'n bedreiging vir hulle ekonomiese lewensvatbaarheid. Tweedens word dit ook gesien as 'n wesenlike gevaar vir die natuurlike orde, die wetenskap en vooruitgang. Derdens voel veeartse dat diereregte bots met die doel en waardes van die veterinêre professie en dat die woord "regte" misplaas is. Die stryd om diereregte het dus die veearts in die **kruisvuur** geplaas, 'n beeld wat suggereer dat veeartse òf in die proses vernietig gaan word òf vinnig moet terugtrek uit die stryd. Tannenbaum glo dat so 'n situasie ongeregverdig is, omdat daar 'n groot deel van die diereregtebewegings is wat moreel afstootlik en ernstig nadelig vir die belange van die veearts en sy kliënte is. Hy sê daar is heelwat meningsverskil oor die betekenis van "regte" en hy maak 'n verskil tussen wettige regte wat deur politici gemaak word en afdwingbaar is, en morele regte wat 'n sterker aanspraak kan maak as wettige regte.

Tannenbaum meen dat diereregtegroepe op 3 argumente faal:

(i) Om te beweer dat diere morele regte het, veronderstel dat diere 'n inherente morele waarde en betekenis het, onafhanklik van die waarde wat mense aan hulle toeken.

Deur standpunt in te neem teen wreedheid teenoor diere, kan mense wel sekere morele regte aan diere toeken, maar dit beteken nie dat so 'n siening dieselfde is as wat die ekstremiste s'n is nie. Omdat die terme "regte" aan ekstremisme gekoppel word, verkies baie mense eerder die term "dierewelsyn", wat ook meer aanvaarbaar is vir die veterinêre professie. Die ekstremiste glo dat diere se morele regte presies dieselfde is as dié van die mens. Daar is egter 'n verskil tussen dierewelsyn, menslike behandeling van diere, dierebeskerming en diereregte. Die American Veterinary Medical Association[2] sê dan ook:

"that (the) use of the term 'animal rights' has to do with personal philosophical values and therefore recommends that the term not to be used, and encourages the profession to focus its attention on the welfare and humane treatment of animals."

(ii) Die diereregtegroepe beywer hulle verder vir die wettige regte van diere tot op 'n vlak waar diere die reg sal hê om hulle eienaars, veeartse of enigeen te kan dagvaar vir geld of ander vergoeding of voordele. Dit sou ook immoreel wees om diere uitsluitlik of grootliks te gebruik tot voordeel van die mens.

(iii) Die veearts moet diere gelykwaardig aan mense beskou en behandel, en só sy roeping op 'n hoër vlak sien.

Tannenbaum verwerp ook die laaste twee stellings van die diereregtegroepe en sê dat diere wel sekere wettige regte het, maar nie op die vlak van mense s'n nie. Veeartse sal nie baat uit die diereregtegroepe se sienings nie, want dit sal nie net tot te hoë veterinêre fooie lei nie, maar ook die veearts in 'n onhoudbare posisie plaas waarin hy skaars sy professie sal kan beoefen. Tannenbaum sluit af deur te sê dat dit belangrik is om die diereregtegroepe aan die kaak te stel, maar nie so belangrik as

om aandag te gee aan die breër saak van hoe mense diere moreel en wettiglik moet behandel nie.

Rowan en Tannenbaum[28], meen dat die gebruik van diere tot menslike voordeel ten minste deels geregverdig is en sê dat 'n regte-gebaseerdebenadering, verskil van 'n koste-voordelebenadering. Hulle sluit af deur te waarsku dat die konsep van regte beide kragtig en subtiel is. Daarom behoort dit met omsigtigheid gebruik te word.

Tillman en Brooks[37] maak ook 'n besliste onderskeid tussen diereregte en dierewelsyn. Dierewelsyn het te doen met die toestande waaronder diere aangehou word en gebruik word en hoe die lot van diere verbeter kan word, terwyl diereregte klem lê op die gelykheid van mens en dier. Die dierewelsynsmense erken steeds die mens se meerderwaardigheid oor diere en glo dat die mens die reg het om diere volgens menslike behoeftes aan te wend — en die meeste veeartse val onder hierdie groep.

Marshall[17], 'n praktiserende veearts, stem met die vorige twee skrywers saam en neem stelling teenoor Fox in:

"As veterinarians, we are humanitarians dedicated to helping mankind by the betterment of his animals".

Regte is relatief en etiek hang dikwels van 'n spesifieke situasie af. Om die waarheid te sê, alle lewende dinge het regte, maar nie gelyke regte nie en om dit te ontken, is om die natuur self te ontken. In die toegepaste gebruike van geselskapsdiere is die diere nie die fokuspunt nie, maar bloot instrumente. Eienaarekonomie is ook 'n realiteit in 'n praktyk en mense sal altyd deel van 'n veearts se besigheid wees, deurdat hy mense help.

MENINGSOPNAME ONDER VOORNEMENDE VEEARTSE

'n Tweedejaarsklas van 100 studente aan die Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria is in 1986 gevra om 'n onbeperkte standpunt ("open end question") in te neem oor die vraag: "Wat is u mening oor diereregte?" Die tweedejaarstudente het nog geen kliniese opleiding ontvang nie en het dus nog met geen kliënte of siek diere in hulle opleiding in aanraking gekom nie. Verder is die standpunte ingeneem voordat die studente enige lesings oor die onderwerp ontvang het, wat hulle dalk kon beïnvloed. Die studente moes die vraag binne 30 minute beantwoord.

Om 'n onbeperkte antwoord oor 'n filosofiese vraag te klassifiseer, is nie eenvoudig nie en dit moet noodwendig 'n mate van subjektiwiteit bevat. Daar is egter gepoog om 'n spektrum in persentasies te bepaal, waarin die menings oor diereregte gekategoriseer word. Die kategorieë is soos volg:

1. Standpunte wat sterk positief oor diereregte voel.
2. Standpunte wat sekere "regte" (moeilik definieerbaar) aan diere toeken, maar nie gelyk aan dié van die mens nie.
3. Standpunte wat diereregte verwerp.

Tabel 1: Veeartsenykundestudente se standpunte oor diereregte

Kategorie	Standpunte (n = 100)	Persentasie
1	Positiewe standpunte oor diereregte	18
2	Gebalanseerde standpunte oor diereregte	67
3	Negatiewe standpunte oor diereregte	15

Om aan die resultate groter betekenis te verleen, word enkele verteenwoordigende aanhalings vir elke kategorie weergegee.

Kategorie 1: Positiewe standpunte

a. "animal rights are almost as important as human and woman rights, the fact that animals cannot talk or express themselves must not stand against them and their rights must be protected by law".

b. "It is just as inhuman to assault/abuse animals as it is to assault/abuse humans, yet the punishment for the two actions are not as severe. Let's have some democracy in the world!!"

c. "it's unfortunate that man has such delusions of grandeur about himself, that he considers it justifiable to manipulate other animals and he is one himself."

d. "being there before us, us coming from them, us surviving from them, drawing comfort and protection from them, I firmly believe animals have all the right to their place in nature, and it is rather unjust of *Homo sapiens* to deprive them of this right. The rights include eg. own privacy and own choice."

e. "animals also have a "soul" or "aura" or "personality" and can therefore perceive evil or good. They have the right not to die when man wants it."

f. "A Bill of Animal Rights is a necessity!"

Kategorie 2: Gebalanseerde Standpunte

a. "the rights of animals depend largely on man himself."

b. "animals have a right to be respected which must be part of the human's attitude. One must see the wonder of life".

c. "animals do have rights which are dependent on the situation, but no moral or ethical codes".

d. "animal rights are based on the moral principles of the individual human being".

e. "eating meat and using animals as pelts is not a

denial of rights, providing humane methods are employed — it is a symbiosis".

f. "animals have certain rights which should not to be ignored, however animals cannot be made equal to humans".

Kategorie 3: Negatiewe standpunte

a. "man can use animals for almost any purpose as long as they are cared for. The animal has no choice and has no rights".

b. "it is in the human's interest to propagate certain species for his benefit".

c. "animals have no "rights", because they are not aware of their "rights", it is only something that lives in the human mind".

d. "an animal knows no better than what it is used to — it boils down to humane treatment".

e. "animals have no rights as humans have, because animals have no rights in court".

f. "for practical purposes, animals have no rights".

Die inligting wat deur hierdie studie versamel is, dui op 'n oorwegend gebalanseerde siening oor diereregte. Twee derdes van die klas het gevoel dat diere tog 'n "reg" op versorging, die lewe, ruimte en om nie wreed behandel te word nie, kan hê, maar dat die mens steeds as die meerdere van die dier erken moet word. Die mens is ook die bepaler en uitvoerder van die "reg" van diere en dra dus 'n groot verantwoordelikheid. Alhoewel diere respek verdien en daarvolgens behandel moet word, bly die mens die belangrikste vennoot in die kontak tussen mens en dier.

Die groep wat geen regte aan diere toegeken het nie, het baie dieselfde standpunte gehandhaaf, behalwe dat die mens in 'n nog sterker posisie geplaas is teenoor die dier as deur die middelgroep. Geeneen van hierdie groepe het egter die dier as 'n voorwerp beskou waarvoor die mens geen gevoel voor moet hê nie. Sommige het die term "regte" op praktiese en filosofiese gronde verwerp, maar steeds 'n gevoel van menslikheid teenoor diere bepleit.

Die sterk voorstanders van diereregte het miskien, op enkele uitsonderings na, ook die mens se rol erken as besluitnemer oor diere. Die aangehaalde gedeeltes dui nie altyd daarop dat daar in die verdere bespreking van die onderwerp meer gematigde stellings voorgekom het nie. In sommige gevalle kon 'n mens die stellings van dieselfde student as kontrasterend of onseker beskou. Byvoorbeeld: "when we look at animals in medicine, I'm somewhat at a loss of conviction." Ander uitweë word ook gekies, soos: "the answer is difficult", "we live in a practical orientated world", "less-than-perfect society", "humans determine animals rights", "of course one must be logical".

Die gevolgtrekking is dat hierdie studente bewus is van die verantwoordelike posisie van die mens, terwyl hulle terselfdertyd 'n sensitiwiteit oor die posisie van die dier inneem. Hierdie standpunte kry veral groter oetekenis as in ag geneem word dat die studente nog geensins in hulle opleiding met die veterinêre praktyksituasie te doen gekry het nie. Sover vasgestel, is dit die eerste gepubliseerde opname onder veeartsenykundestudente oor hierdie onderwerp en opnames onder ander seksies van die professie kan dalk ook van waarde wees.

STANDPUNTE

Dit blyk dat daar hoofsaaklik twee probleme is waaroor daar duidelikheid gekry moet word. Die eerste is of diere beskou moet word vanuit die **mens se posisie**, as die meerdere van die dier, en of diere beskou moet word vanuit die **dier se posisie**, waar mens en dier, as medediere, op gelyke vlak en met dieselfde inherente waarde beweeg. Die tweede probleem is die definisie van wat presies onder die term "diereregte" verstaan word. Standpunte oor hierdie twee probleme word kortliks bespreek.

1. Antroposentrisme

Antroposentrisme is die lewensbeskouing waar die mens in die sentrum van wêreld geplaas word. Dit beteken dat alles om die mens draai en dat die mens sin en betekenis aan die natuur gee. Sonder die mens op aarde, is die res 'n doellose siklus van bestaan en nie-bestaan. Die mens bepaal die waardes van die natuurkomponente en ken dit toe volgens sy eie insig. Dit beteken dat alles nie 'n inherente gelyke waarde het nie, maar slegs dit wat die mens daaraan toeken. Die mens is ook by magte om na sy goeddunke met sy tegnologie 'n invloed op die natuur uit te oefen. So 'n standpunt ontken nie analoë en homoloë wat in mens en dier voorkom nie, dat daar meer ooreenkomste as verskille op 'n breë biologiese vlak kan wees nie, of dat daar bloot graadverskille kan wees nie. Die onderskeid tussen mens en dier lê in die psigies-fisiese totaliteit wat die mens wél duidelik van diere onderskei[7]. Die verskil tussen mens en dier lê dus in die som van hulle onderdele en die ooreenkomste tussen die onderskeie dele is dus van minder belang. Om dus bloot te verklaar dat die mens per sekere definisies 'n dier is, is 'n halwe waarheid, want in sy totaliteit gesien is die mens ook **nie** 'n dier nie.

Hierdie twee "waarhede" bring dus 'n ambivalensie van gelykheid én ongelykheid na vore. Aan die een kant staan die mens as die middelpunt van dit wat betekenis gee aan die wêreld, en aan die ander kant het die mens vele ooreenkomste en deel hy dieselfde lot, nl. die dood met diere én plante. Die eersgenoemde waarheid is die bepalende, maar sluit nie die tweede waarheid uit nie. Standpunte teen antroposentrisme sluit egter die eerste waarheid uit en bly dus die volledige waarheid ontwyk. Die mens het homself nie willens en wetens in hierdie posisie geplaas nie, ongeag watter lewensbeskouing 'n mens ook al huldig. Die bepaalde hoë of belangrike posisie van die mens in die wêreld gaan egter gepaard met besondere groot verantwoordelikheid — soos enige hoë posisie. Die emosiebelaaide beskuldigings aan die mensdom dat die mens homself in 'n posisie geplaas het as die tiranspesie, dominante spesie, meerderwaardige of intelligenter spesie, verval sodra die siening gehuldig word dat die mens die **verantwoordelike spesie** is. Niemand, nie eers diereregtegroepe nie, kan die mens verkwalik dat hy die posisie van die verantwoordelike spesie inneem nie, want die mens het dit nooit self

beplan of bedink nie. Antroposentrisme beteken ook dat die vergelykings tussen die strewes van sekere groepe vir menseregte, geensins vergelykbaar is met die strewes van sekere menslike groepe vir diereregte nie. Sulke absurde argumente verval dus.

Antroposentrisme is dus

1.1 **moreel geregverdig,** omdat dit nie die mens self is wat op 'n doelbewuste wyse hom in sy posisie geplaas het nie;

1.2 **prakties,** omdat dit perspektief behou op die gegewe en normale orde van lewe op aarde;

1.3 **verdedigbaar,** omdat dit klem lê op die verantwoordelikheid van die mens en dus misbruik van die posisie verwerp. Indien so 'n verantwoordelikheid dieselfde effek of resultate kan verkry, as diereregte en gelykheid, dan word die strewe na diereregte irrelevant. Dit versterk (en verhoed nie) die respek vir lewe en die totale natuur en dit erken die enigma van lewe;

1.4 **noodsaaklik en aanvaarbaar** vir veterinêre praktyk. Om 'n gebalanseerde praktyk te beoefen moet die veearts die pasiënt (dier), sowel as die kliënt (mens) in die sisteem van 'n konsultasiekamer in ag neem, en laasgenoemde is dikwels die bepalende faktor. Dit alles moet geskied met die nodige verantwoordelikheid wat die mens (kliënt en veearts) besit, om ten beste na die dier se welsyn om te sien. **Geen kliënte** beteken immers **geen praktyk.**

Praktyk en papier kan ook verskil: praktiese toepassings van die biologie soos in veterinêre praktyk kan 'n totaal ander ervaring wees as wat moraalfilosowe op papier ondervind. Veterinêre besluite oor 'n dier se lot kan kwalik blóót vanuit die standpunt van diereregte, of dan gelyke regte met die mens, geneem word. Die konsultasie sluit óók die emosies van die kliënt in, sowel as die praktiese waarde van die dier en die kliënt se finansiële status. Verder bepaal dieregetalle nie die noodsaak en behoefte aan veterinêre dienste nie, maar wel die aanvraag van belangstellende kliënte. Veterinêre besluite word dus grootliks bepaal deur die waarde wat die kliënte aan die diere toeken. 'n Professionele benadering van die veearts impliseer ook in die eerste plek diens aan die gemeenskap, dus die medemens. So gebeur dit in private praktyk dat 'n veearts genadedood aan 'n gesonde dier moet toedien en lydende terminale diere aan die lewe hou. Albei laasgenoemde voorbeelde het natuurlik perke, maar dit is geensins ongewone voorbeelde uit 'n praktyk nie. Baie van die kritiek van diereregtegroepe getuig ook van 'n gebrek aan kennis oor diere se werklike gedrag, behoeftes en aanpassingsvermoë. Op papier kan sekere voorbeelde baie wreed lyk, terwyl die betrokke diere alle tekens van welsyn toon soos gesondheid, eetlus, teling en gebrek aan sigbare angs.

Die finale keuse van standpunte vir die veearts lê in die ménslike lewensbeskouing wat diereregte vanuit 'n absoluut gelyke posisie met die dier beskou, óf die omsien na diere (en die res van die natuur) se welsyn vanuit 'n verantwoordelike antroposentriese oogpunt. Die eerste keuse is prakties onuitvoerbaar, vergesog en neem nie die gegewe werklikhede in ag nie. Die tweede standpunt is geregverdig, behou perspektief en kan in veterinêre praktyk toegepas word.

2. Definisie rondom diereregte

Die term diereregte is ten opsigte van "regte" sowel as "diere" tot nou toe ondefinieerbaar.

2.1 Definisie van regte

Die definisie van "regte" lewer probleme op as 'n mens die betekenis daarvan wil beoordeel ten opsigte van ander terme soos dierevryheidsbewegings, dierebevryding, dierewelsyn, dierebeheer en dieregebruik.

Ander probleme ontstaan weer oor wátter regte presies ter sprake is. Is dit sogenaamde natuurlike regte, wetlike regte, vryheidsregte ten opsigte van keuses en ruimte, eiendomsreg, demokrasie (stemreg?), regte **oor** diere of regte **vir** diere. Voordat hierdie spraak- en ideeverwarring nie opgeklaar is nie, laat dit die term te wyd oop vir kritiek van vele kante. Die kwessie van watter regte presies ter sprake is, word vir eers daar gelaat en daar word aanvaar dat die regte handel oor die absolute gelykheid tussen mens en dier. Die aanvaarding van so 'n gelykheid moet dan die regte van diere verseker. Dit bring die bespreking by die vraag waar die onderskeid dan getrek moet word om vir diereregte te kwalifiseer, en wat of wie van diereregte uitgesluit moet word.

2.2 Definisie van diere

Dit kan aanvaar word dat die gelykheid tussen mens en dier nie universeel bestaan nie, want anders sou daar nie diereregtegroepe wees wat hulle vir so 'n aanvaarding beywer nie. Hierdie groepe baseer grootliks hulle strewe vir diereregte op grond van die gelykheid tussen mens en dier. Om hierdie gelykheid egter te bereik kan daar slegs van die "hoër" vlak na die "laer" vlak beweeg word, of van die "laer" na die "hoër" vlak. In so 'n gelykheidsproses word daar ongelukkig meer van woorde gebruik gemaak as van enigiets anders. Na die mens word verwys na die "mens-dier" (vergelyk Donahue[6] se *The Human-animal*), en na die diere as die "nie-mense" (non-humans). Deur woorde, wat die mens met die dier, en die dier met die mens op gelyke vlak in verband bring, word bloot die persepsie van gelykheid bevorder. Dit is meesal baie moeiliker om die laer vlakke gelyk met die hoër vlakke te bring en uiteindelik word daar meer gekonsentreer om die gelykheidslyn op die laagste vlak te bereik. Dit beteken dat dit baie gewilder is om "die dier in die mens" te beklemtoon, as om van diere dieselfde verantwoordelikhede as van die mens te verwag. Diereregtegroepe maak ook dikwels van argumente gebruik wat vergelykings tref tussen mense wat op die rand van 'n gewone gemeenskap se kulturele uitlewing voorkom (soos babas (potensiaal uitgesluit), en persone met permanente breinskade) en enkele hoogs geleerde diere (soos sjimpansees wat kan praat, perde, honde en dolfyne). Biologiese beoordelings kan egter nie op die rand van verskynsels gedoen word nie, maar vanaf die tendens of neiging. Die randverskynsels gee bloot

verdere insig in biologiese verskynsels maar bepaal nie die rigting nie.

Die kritiese vraag waar presies die gelykheidsvlak van regte (die laagste vlak?) van mens en dier sou lê, moet begin met die definisie van "diere". Diereregtegroepe is laks om so 'n definisie te formuleer. Die poging om die streep by die molluske te trek, het skerp kritiek uitgelok. 'n Mens moet dus aanvaar dat **alle** diere ingesluit is, alhoewel baie argumente slegs die diere wat in die nouste verhouding met die mens staan, in gedagte hou. Al sou alle diere ingesluit word, is die probleem nog nie opgelos nie. Daar bestaan tussenvorme wat klassifikasie bemoeilik. Verder is daar lewensgevaarlike spesies in die diereryk. Wie gaan beslis waar watter spesie se regte geld en waar nie? Dit lyk na 'n onbegonne taak. 'n Mens kan ook nie eers sê dat die mikro-organismes net randverskynsels is nie, want in die "demokrasie van diere" waarna voorheen verwys is, maak hierdie organismes beduidende getalle uit.

As die argumente wat aangevoer is vir diereregte konsekwent verder gevoer word, dan lyk dit of die gelykheidslyn selfs plante kan betrek. Om plante by hierdie bespreking te betrek is geensins vergesog nie, maar belangrik in die lig van uitsprake teen die eet van vleis deur die mens. As die beginsels na plante deurgevoer kan word, sal dit dus beteken dat die mens ook nie plante mag eet nie en dus van honger moet omkom. As daar nie 'n duidelike onderskeid gemaak word in die definisie van diere nie, is daar in elk geval niks wat verhoed dat plante by die argumente betrek word nie.

Daar is eienskappe van plante wat baie goed vergelyk met eienskappe wat in mens en dier voorkom. As die oppervlakkige en voor-die-handliggende verskille as van minder belang beskou word, is dit waarskynlik nie onmoontlik om uit 'n breë biologiese oogpunt, óók meer ooreenkomste as verskille tussen diere en plante aan te toon nie. Van Hoven[39] sê dan ook in sy ondersoek na reaksies van bome: "Plants consequently have a built-in chemical defence mechanism which can roughly be compared with the chemical defence mechanism people and animals have..."

Die ondersoek handel oor wreedheid teenoor plante, waar die plante met voorwerpe geslaan en verniel is. Sulke behandelings het nie net chemiese verdedigingsmeganismes (vergelyk adrenalien in mens en dier) in werking gestel om so hulle "emosies" te toon nie, maar het ook hierdie lyding aan nabygeleë plante gekommunikeer. Onbeseerde plante het tot so ver as drie meter vanaf die beseerde plante, dieselfde reaksies ("emosies") getoon. "...the ability of plants of the same species to communicate with each other was proved under laboratory conditions, and from the given examples, it can be deduced that certain plants will probably also do so under natural conditions."

Sonder om veel verder uit te brei, is die standpunt bewys dat plante volgens die diereregtegroepe se beginsels, nie summier uitgesluit kan word nie. Dit is veral waar, as 'n mens die stelling waarop sommige mense diere se regte baseer, in ag neem. Dit lui soos volg: die vraag is nie of hulle kan praat of dink nie, maar of hulle kan ly.

Ander "emosionele" reaksies wat baie bekend is, is die reaksies van plante op musiek. 'n Voorbeeld van so 'n eksperiment waar plante onder dieselfde omstandighede aan klassieke musiek en geraas blootgestel is, is weer op die Expo vir Jong Wetenskaplikes (1986) uitgestal. Die plante wat aan die klassieke musiek blootgestel was, het gefloreer, terwyl dié wat aan geraas blootgestel was, gekwyn het. Die mening oor plantliefhebbers dat plante beter reageer teenoor sekere mense as ander, is ook 'n gevestigde geloof. Daar word na verwys as sou die mens "groen vingers" hê en kan dui op 'n nog onbekende positiewe "kommunikasie" of "emosie" tussen mens en plant.

Vanuit die basiese biologiese berip van "lewe" kan daar na nog talle ooreenkomste verwys word. Die feit bly staan dat met sulke argumente, die volgende stap nl. die bepleiting van planteregte voor die deur staan.

Ongelukkig is die streep wat by plante getrek word ook nie noodwendig finaal nie. Margulis & Sagan[16] glo dat die mens met die masjien (tegnologie) 'n eenheid sal vorm, omdat beide uiteindelik ongeskik sal wees in hulle huidige vorm van bestaan: "It is ... possible that the two will merge, in some unimaginable form, to escape a dying planet. It may sound outrageous to suggest that life and non-life could ever blend or breed. But viewed in the context of the history of life — from its prebiotic origins to its present-day ability to manufacture itself in a laboratory — such a feat begins to look not only plausible, but **inevitable**."

Die etiese vraag wat onmiddellik na vore kom, is dat as 'n samesmelting tussen mens en masjien onafwendbaar is, of daar nie nou reeds na masjienregte (tegnologiese regte?, nie-lewe-regte?) gekyk moet word nie. Hierdie nuwe skepsel sal beslis betrek moet word by die morele aspekte van lewe. As dit menslike komponente bevat, sal dit ook kan ly en aanspraak maak op regte. Dalk sal die mens weer wag totdat dit te laat is en hierdie nuwe skepsel, die "mens-masjien" (vergelyk die "mensdier") eers vir lank aan onderdrukking, tirannie en verontregting onderwerp, voordat sy regte erken word. Erger nog, gaan hierdie nuwe skepsel die regte van die moontlik minderwaardige, gewone, mense en diere erken? Dit blyk dat sonder 'n behoorlike en algemeen aanvaarde definisie van wat met diere bedoel word, daar geen duidelike streep getrek kan word waar diereregte uitgeoefen gaan word nie. Die gevolgtrekking is dat slegs die aanvaarde onderskeiding wat tussen mens en dier bestaan, die probleem kan oplos. Die regte van mense kan wetlik gedefinieer word en in 'n regstelsel toegepas word. Daar is geen plek vir enige wette wat nie direk of indirek die mens betrek nie. Regte word net relevant as dit uitgeoefen kan word en regstelsels is geskep om dit uitvoerbaar te maak.

Die enkel-organisme-siening. 'n Werk wat meer insig in die verhouding tussen mens en dier, asook alle ander dinge op aarde, kan gee, is Lovelock[14] se *Gaia — A new look at life*. Gaia is die naam van 'n griekse godin wat beskou was as die godin van die aarde. Gaia word deur Lovelock gebruik om die globale sisteem te beskryf wat die wêreld se makroprosesse in homeostase hou. Lovelock sien die totale lewe, lug, aardkors en oseane as 'n

eenheid en voer aan dat geen lewe onafhanklik van die ander komponente gesien kan word. Die biosfeer, atmosfeer, geosfeer en hidrosfeer vorm dus 'n eenheid wat soos 'n groot enkel lewende organisme funksioneer:

"We have ... defined Gaia as a complex entity involving the Earth's biosphere, atmosphere, oceans and soil; the totality constituting a feedback or cybernetic system, which seeks an optimal physical and chemical environment for life on this planet."

Lovelock sê sy siening is in teenstelling met die konvensionele wysheid dat lewe by die aarde se toestande as sodanig moes aanpas, en dat lewe 'n aparte evolusie was. Die gaia-sisteem wat die aarde as 'n makro-organisme voorstel, het dus eienskappe wat nie deur die som van sy onderdele voorspel kon word nie, anders sou homeostase nie bereik of gehandhaaf kon word.

Met hierdie globale insigte word die hele kwessie van "regte" van minder belang, omdat daar in elk geval 'n gelyke eenheid bestaan. Dierereğte, planteregte, mineraleregte, atmosfeerregte, masjienregte, ensovoorts, kry 'n ander betekenis as alles deel is van één "organisme". Die behoud van homeostase lê juis daarin dat elke deel van die organisme sy eie besondere funksie verrig. In so 'n enkele terugvoersisteem is almal en alles gelyk met "gelyke regte". Nogtans is alle dele van die liggaam nie gelyk nie. As 'n mens as enkel organisme, 'n keuse het om 'n punt van 'n pinkie of 'n oog te verloor, sou die oog beslis meer waarde hê en ongelyk teenoor die pinkie staan. Net so met 'n keuse tussen die verlies van 'n blindederm en 'n lewer, ensovoorts. Die ambivalensie wat weer hier na vore kom, naamlik, dat alles terselfdertyd gelyk én ongelyk is, word selde deur fanatici aan beide kante van die spektrum van menings oor diereregte, raakgesien. Enersyds word die gelykheidsdrywing dan 'n nuttelose moeite en andersyds hoef ongelykheid nie tirannie te beteken nie.

Om die posisie van die **mens** in hierdie globale organisme vas te stel, kan dit met die **brein** van 'n liggaam (organisme) vergelyk word. Beide is die verantwoordelike dele van die organismes. Indien die menslike brein genoeg breinskade opgedoen het, gaan sy verantwoordelikheid verlore. Sonder die mens in die globale sisteem gaan die verantwoordelikheid ook verlore. Net soos die brein nie skuldig hoef te voel omdat hy nie die punt van die pinkie is nie, net so hoef die mens nie skuldig te voel dat hy die verantwoordelike spesie is nie. Die brein moet bepaal dat die res van die liggaam nie benadeel word nie, al is die brein in staat tot misbruik van die liggaam. Die mens moet sy posisie ook gebruik tot voordeel van die res van die sisteem, alhoewel hy die sisteem deur misbruik kan benadeel.

VERDERE PROBLEEMVRAE

A. Die indruk word geskep dat daar 'n teenstelling bestaan in die sienswyses van diereregtegroepe. Aan die een kant word die mens gelyk gestel aan die dier, maar aan die ander kant word 'n baie hoër moraal van die "mens-dier" as van ander diere verwag. So byvoorbeeld word daar nie oor regte in ander voedselkettings gepraat nie, maar die mens word veroordeel vir sy benutting van ander diere vir voedsel. Ander voedselkettings is dus moreel geregverdig, terwyl dit in die mens een van die laagste morele oorwegings is. Daar word ook geen etiese kode of moraal aangelê vir wreedhede in die natuur nie, maar slegs vir die "mens-dier". As daar geen verskil (behalwe vir " 'n gedeelte van die brein in kwantiteit") tussen mens en dier bestaan nie, behoort diereregte-aanhangers ook wreedhede van mense oor te sien. Dit is egter juis vanweë die ongelykheid tussen mens en dier dat die mens 'n moraliteit het wat wreedheid teenoor diere veroordeel. Dit is 'n direkte gevolg van die mens se verantwoordelikheid, en nie as gevolg van diereregte of -gelykheid, dat die moraal geld nie. Diereregtegroepe verwag van die "mens-dier" om soos 'n mens op te tree, terwyl die mens eintlik soos ander diere behoort op te tree.

B. As die mens en dier gelyk is, of na gelykheid strewe, is dit nie duidelik waarom slegs **een party** tot hierdie gelykheid moet **bydra** nie. Sou dit nie billik wees om in die gelykheidstrewe ook pogings van die "ander diere" te verwag nie? Omdat gelykheid meesal op die laagste vlak bereik word, beteken dit dat die maatstaf van gelykheid die maksimum potensiaal van die ongelykste of laagste vorm van dierelewe sal wees. Dit beteken dat die mens in sy ongevraagde verantwoordelike posisie, gelyke regte met die primitiefste organismes sal moet deel, sonder dat die organismes iets aanwend om die mens tegemoet te kom. Verder lyk dit of daar net een party in 'n dispuut oor regte skuldig bevind kan word en vergoeding kan betaal. Dié ongelykheid maak 'n uitsluitsel oor regte irrelevant.

C. Aangesien daar so moeilik onderskeidings gestel word in die argumente van die diereregtegroepe, bly die posisie van die dier tot die mens onseker. Is daar enige versekering wat gegee kan word dat diere nie nou weer so hoog gestel sal word dat dit in die mens se gedagte die ideale norm word nie? Wanneer die stadium van die "edele dier" bereik word, kan mense sover gaan om hulle van die menslike spesie te distansieer. In die openbare media is bekendes soos Brigitte Bardot en Spike Mulligan aan sulke menings gekoppel. Alle wreedhede en onreg word dan met die mens as spesie vereenselwig. Daar kan selfs beweeg word na die baie primitiewe benadering van **diereverafgoding** en **-aanbidding.** Wat gaan verhoed dat daar weer 'n dierekultus en -godsdiens ontstaan vol heilige diere? Bustad[1] rapporteer van 'n volledige liturgie wat deur 'n biskop Richard York saamgestel is vir die begrafnis van geselskapsdiere:

"The purpose of a pet's burial ceremony is to console the bereaved and to reaffirm our solemn responsibility to the intelligent Voice of Creation."

Katcher & Beck[13] sê "met respek", dat om met 'n geselskapsdier te praat dieselfde voordele kan inhou as om te bid. Dit impliseer dat die verhouding tot God en 'n geselskapsdier op dieselfde vlak kan wees en dat die dier dus die plek van God kan inneem. Alhoewel diereregtegroepe hulleself graag as vooruitstrewend beskou, sal die vordering tot diereaanbidding 'n groot terugwaartse stap wees.

By die afsluitingseremonie van die Boston kongres oor mens/dier-interaksies in 1986, het Prof. Loew as Dekaan van die Fakulteit Veeartsenykunde, Tufts Universiteit, Boston, inderdaad gewaarsku

teen 'n dierekultus en die materiële uitbuiting van hierdie hoë agting vir geselskapsdiere.

D. Nog 'n belangrike vraag om te beantwoord is: **namens wie** tree die diereregtegroepe op? As die antwoord sou wees dat hulle praat namens dié wat nie vir hulleself kan praat nie, kan so 'n stelling boemerang. Volgens die diereregtegroepe se eie norme behoort diere die vryheid van keuses te hê en weens die kommunikasiegaping tussen mens en dier, is dit te betwyfel of hierdie groepe met oorgawe kan sê dat hulle seker is dat hulle presies doen wat die diere van hulle verwag. Die diereregtegroepe kan slegs die regte vir diere beoordeel van 'n subjektiewe menslike oogpunt, en dit is nie noodwendig dieselfde as die diere se oogpunt nie. Verder kan 'n mens vra of diereregte so universieel onder die diere is, dat die strewe na diereregte vir alle diere dieselfde betekenis het.

As hierdie groepe beweer dat hulle vir die diere intree namens **mense** wat glo in diereregte, teenoor die mense wat dit nie wil aanvaar of toepas nie, dan verteenwoordig hul seer seker net 'n onbeduidende breukdeel van die wêreldpopulasie van mense. Tot nou toe verteenwoordig hulle ook nie die grootste deel van die veterinêre professie nie. Onder die professionele filosowe waar diereregte die grootste aanhang het, is diereregte nog grootliks 'n omstrede saak. As diereregtegroepe net namens hulleself praat en namens die getalle wat hulle verteenwoordig, dan kan 'n mens tereg vra wat van die "demokrasie" onder alle spesies geword het, waarvan daar melding gemaak is.

TOEKOMSBLIK

'n Mens kan dus wonder vanwaar die diereregtegroepe hulle aanhang kry, hoe ver hierdie saak gevoer kan word en hoe dit uiteindelik die veterinêre professie gaan raak. Die diereregtegroepe sal weens twee hoofredes wel sukses in die **moderne** gemeenskappe behaal, naamlik:

A. Die **metodes** wat aangewend word om diereregte te bevorder. Hier word gedink aan organisasies met genoeg finansiële ondersteuning en personeel, deelname aan publieke en wetenskaplike kongresse en publikasies, betogings, optogte, aktivistiese optredes om die aandag op diereregte te vestig en beïnvloeding van politici, ander owerhede en belanghebbendes om wetgewing aan te pas. Diereregte gaan beslis 'n politieke speelbal word.

B. Ondervinding het geleer dat die moderne gemeenskappe maklik tot skuldgevoelens aangespoor word. Deur die regte tegnieke te gebruik om emosionele oplewing te kry, kan baie mense deur die **ag-foeitog-respons** tot simpatiseerders van die diereregtegroepe oorgehaal word. Massasielkunde deur middel van alle media en pamflette sal die oortuigingswerk doen.

Dit is dus te verwagte dat amptelike erkenning aan diereregte in moderne gemeenskappe verleen gaan word. Die wetgewing sal gelei word deur "oortuigde wetgewers" en die aandrang van 'n "simpatieke publieke mening". Ongelukkig sal die wetgewing oor diereregte, eensydig, slegs in die mense se regstelsel van toepassing wees.

Vir die veterinêre professie sal sulke ontwikkelings verreikende implikasies hê. Alle veterinêre oorwegings sal aan die hand van die diereregtefilosofie getoets moet word. Hierdie maatstawwe sal egter deur ménse aangelê word en oortredings sal volgens ménslike regstellings beoordeel word. As die logiese konsekwensies van diereregte deurgevoer word, sal daar uiteindelik geen verskil tussen die veterinêre en mediese professies wees nie. Die twee professies sal één word waarin "mens-diere" mede "mens-diere" en "nie-mense" behandel. As álle diere by die regte betrek word, sal dit 'n geweldige bykomende las op die professie lê. Baie nuwe veeartse sal opgelei moet word om byvoorbeeld die geweldige insekteryk te bedien. Daar is al beweer dat ons in die "tydperk van die insek" lewe en volgens die demokratiese beginsel sal hierdie 'n uiters belangrike groep wees wat op veterinêre dienste aanspraak kan maak.

Die veterinêre professie sal verder moet hulp verleen om moeilike etiese besluite te neem. Sou dit reg wees om duisende inwendige parasiete te vermoor om een skaap te red? Diere sal volgens eie vrye keuse beweeg en aanteel. Veeartse sal verplig wees om na beseerde huisvlieë en honger pirannas om te sien. Ander etiese vrae soos natuurlike voedselkettings en die plek van bakterieë in diereregte, sal hanteer moet word.

Indien die voorbeelde te vergesog is, sal daar weer na onderskeidslyne gekyk moet word. As dít die geval is, kan daar net sowel teruggekeer word na die bestaande onderskeide tussen mens en dier.

Die hele veterinêre etiek wat op die oomblik deur die kliënt en gemeenskap bepaal en beoordeel word, sal vervang moet word met 'n gemeenskaplike diere-etiek wat deur álle diere bepaal en beoordeel moet word. Of so 'n etiek van 'n hoër of laer standaard sal wees, sal oorweeg moet word.

Daar bestaan geen middeweg tussen die verwerping van diereregte en die deurtrek van die konsekwensies daarvan nie. Óf die mensdom behandel diere met respek weens hulle verantwoordelikheidsgevoel, óf diere word as gelykes aanvaar met die konsekwensies dat die mens sy hoër en verantwoordelike posisie prysgee. In 'n posisie van gelykheid kan verantwoordelikheid nie net van een kant af kom nie. Daarom is dit noodsaaklik dat veeartse duidelik sal aantoon in watter rigting hulle die professie wil stuur. As dít nagelaat word, sal veeartse verplig wees om deur ander buite die professie gelei te word, tot 'n punt waar hulle dalk nie graag sou wou wees, of voorsien het nie.

VERWYSINGS

1. Albright J R 1986 Animal Welfare and Animal Rights. National Forum 56: 34-37
2. American Veterinary Medical Association 1986 Companion Animal Welfare. Handout. International Conference on Human-Animal Interactions, Boston: 8
3. Animal Rights Coalition 1986 Animal rights no laughing matter. Handout. International Conference on Human-Animal Interactions, Boston: 1-2
4. Bustad L K 1984 Great revolutions. People, Animals, Environment: Bulletin of the Delta Society 1: 4-5
5. Clark S R 1984 The moral status of animals. Oxford Press, Oxford: 182-183
6. Donahue P 1977 The Human-animal. Simon & Schuster Inc., New York: 353
7. Editorial 1985 Between the Species 1 : 2
8. Editorial 1985 Between the Species 1 : 53

9. Fox M W 1983 Veterinarians and animal rights. California Veterinarian 1: 15, 16 and 98
10. Fox M W 1985 The bio-politics of sociobiology and philosophy. Between the Species 1: 3 - 7
11. Giraud R 1985 Rousseau and Voltaire: the enlightment and animal rights. Between the Species 1 : 4
12. Hummer J 1985 Human and animal intelligence: a question of degree and responsibility. Between the Species 1 : 28
13. Katcher A H, Beck A M 1983 New perspectives on our lives with companion animals. University of Pennsylvania Press, Philadelphia: 588
14. Lovelock J E 1979 Gaia — a new look at life on Earth. Oxford University Press: 157
15. Magel C 1985 Animals: moral rights and legal rights. Between the Species 1 : 9 - 14
16. Margulis L, Sagan D 1986 Strange fruit on the Tree of Life — how man-made objects may remake man. The Sciences 4 : 38 - 45
17. Marshall R T 1983 Animal welfare, animal rights, expectations. California Veterinarian 1 : 17 - 18
18. Mench J A, Von Tierhoven A 1986 Farm animal welfare. American Scientists 74 : 598 - 603
19. Miller R M 1983 Animal welfare — yes, Human laws — sure, Animal rights — no! California Veterinarian 1 : 21 and 98
20. Morgan K B 1983 An overview of animal-related organizations, with some guidelines for recognizing patterns. Community Animal Control 1 : 18 - 19
21. Ost D E 1986 The case against animal rights. The Southern Journal of Philosophy 24: 365-373
22. Osterhoff D R 1981 Ethology and animal welfare. Journal of the South African Veterinary Association 52: 327-329
23. Regan T, Singer P 1976 Animal Rights and Human Obligations, Prentice-Hall Inc., New Jersey: 313
24. Regan T 1983 The case for animal rights. Berkley University of California Press, Berkley: 324
25. Rolin B E 1981 Animal Rights and Human Morality. Prometheus Books, New York: 182
26. Rolin B E 1985 How I put the horse before Descartes: an autobiographical fragment. Between the Species 1: 44-50
27. Rosenwald A 1983 Random thoughts on animal well-being. California Veterinarian 1: 20
28. Rowan A, Tannenbaum J 1986 Animal rights. National Forum 56: 30-33
29. Singer P 1975 Animal liberation — a new ethics for our treatment of animals. New York Review, New York: 301
30. Solomon R C 1982 Has not animals, organs, dimensions, senses, affections, passions? Psychology Today 3: 36-45
31. Stockwell J 1985 Opium. Between the Species 1: 51
32. Stockwell J 1986 Opium. Between the Species 2: 105
33. Sunlin M 1986 Anthropocentrism: a human fallacy. Between the Species 2: 22
34. Tannenbaum J 1985 Ethics and Human-companion animal interactions: a plea for a veterinary ethics of the Human-companion animal bond. Veterinary Clinics of North America 15: 431-447
35. Tannenbaum J 1986 Animal rights: some guideposts for the veterinarian. Journal of the American Veterinary Medical Association 188: 1258-1263
36. The Humane Society of the United States News 1986 Annual Report. Humane Society of the United States of America 31: 17-20
37. Tillman P C, Brooks D R 1983 Animal welfare, animal rights and human responsibilities. Californian Veterinarian 1: 32-35
38. Tisschler J S A 1983 Veterinarians: the sleeping beauties of the animal rights movement. California Veterinarian 1: 27-28
39. Van Hoven W 1984. Trees' secret warning system against browsers. Custos 13: 11-16
40. Von Rad G 1961 Genesis. Westminister, Philadelphia: 127

J S J Odendaal, Departement Soötegnologie, Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria, Privaatsak X04, 0110 Onderstepoort

MYOCARDIAL CONDITIONS OF DOMESTIC ANIMALS IN SOUTHERN AFRICA

Proceedings of a workshop arranged by the Pathology Group of the South African Veterinary Association at the Sandton Holiday Inn on 16 August 1986.

Editors: J.J. van der Lugt; Section of Pathology, Veterinary Research Institute, P.O. Box 12502, 0110 Onderstepoort, Republic of South Africa
M.G. Collett; Department of Pathology, Faculty of Veterinary Science, University of Pretoria

INTRODUCTION

In southern Africa cardiac failure in livestock can result from a variety of toxic, infectious and nutritional causes. Many indigenous plant species are known to be cardiotoxic and stock losses caused by some of these species are of economic importance. However, the pathogenesis and pathology of poisoning by a number of these plants have received little attention and need to be investigated in greater detail. Recently several outbreaks of salinomycin poisoning in horses, in which primarily the heart was affected, came to our notice.

The workshop was intended to summarise current knowledge on myocardial conditions, particularly in livestock, and to highlight some of the research being done locally in this field.

CARDIAC GLYCOSIDE INTOXICATION IN SOUTHERN AFRICA

T.W. Naudé; Department of Pharmacology and Toxicology, Faculty of Veterinary Science, P/Bag X04, 0110 Onderstepoort, Republic of South Africa

Plants containing cardiac glycosides of both the cardenolide and bufadienolide types occur worldwide. Although incidental poisoning of stock is recorded from various countries, it would appear that in southern Africa only, it is of major significance. It is regarded as one of the 7 most important plant poisoning syndromes of the region.

The following groups of bufadienolide containing plants are of economic importance:

Tulp (Iridaceae): *Homeria pallida* (yellow) and *Moraea polystachya* (blue) are prime examples of the two toxic genera of this family.

Slangkop (Liliaceae): *Urginea sanguinea* is by far the most serious threat, but other species from this genus and other genera are involved.

Plakkies (Crassulaceae): The genera *Cotyledon*, *Tylecodon* and *Kalanchoe* are involved.

Thesium spp. (Santalaceae): root parasites of various Karoid plants have recently been proved to contain bufadienolides.

Cardiac glycosides inhibit the cell membrane sodium: potassium ATP-ase pump and the changes encountered can be related to this. This phenomenon is also utilised in a diagnostic test for cardiac glycosides, where the ability of normal erythrocytes to transport rubidium across the cell membrane is measured following exposure to extracts of tissues from animals suspected of having been poisoned.

Two distinct poisoning syndromes are encountered. Acute intoxication affects mostly cattle and sheep due to the ingestion of especially tulp and slangkop. Animals rapidly learn to avoid these plants and intoxication in practice only occurs in those animals exposed to these plants for the first time. The 4 systems affected are the cardiovascular and gastrointestinal (where the typical signs of digitalis intoxication are seen), the respiratory (in severe involvement dyspnoea and apnoea may occur) and the neuromuscular system (posterior paresis and terminal paralysis). Chronic intoxication is most commonly encountered in sheep and goats. It is due to extremely cumulative bufadienolides from the toxic plakkies (Crassulaceae) and results in a botulism-like, paralytic syndrome ("krimpsiekte").

The discovery that activated charcoal, at an oral dosage rate of 2 g kg^{-1} is a most effective adsorbtive antidote in acute intoxication in farm animals, means that this is most valuable in the armamentarium of the veterinarian. Research on treatment is now concentrated on the alleviation of clinical signs caused by absorbed glycosides. Lignocaine, atropine and multipotent tranquillisers, like acetylpromazine with membrane-stabilising effects, seem indicated.

0038-2809/88/06/0099-0108

ACUTE AND CHRONIC CARDIOMYOPATHIES CAUSED BY MONOFLUORACETIC ACID IN GIFBLAAR *(DICHAPETALUM CYMOSUM)* AND CARDIAC GLYCOSIDES IN SLANGKOP *(URGINEA SANGUINEA)*

P.A. Basson; P O Box 81, 9000 Grootfontein, South West Africa/Namibia

Single or multiple doses of fresh gifblaar or slangkop material or extracts thereof, experimentally produced either acute, subacute or chronic poisoning in goats, while only acute poisoning was produced in antelopes. Myocardial lesions which were macroscopically and microscopically indistinguishable were caused by monofluoracetic acid (MFA) in gifblaar and cardiac glycosides in slangkop. In both intoxications these macroscopical lesions were characterised by areas of degeneration and occasionally haemorrhages, and were most frequently present in the papillary muscles, as well as in the subendocardial region of the left ventricular wall, and the apex. In some acute cases, a regional pallor or almost generalised parboiled appearance was noticeable. Multiple foci of degeneration were distributed throughout both ventricles in a few subacute and chronic cases.

In acute cases, miroscopic changes consisted mainly of rarefaction, hydropic and fatty changes, granular and Zenker's degeneration and fragmentation. However, in some acute cases especially in gifblaar poisoning, only hydropic changes were detectable. Fatty changes were suspected in both types of poisoning but confirmation was only attempted in cases of gifblaar poisoning. Mild leukocytic infiltration and mineralisation were occasionally seen. Subacute to chronic cases developed from Day 3 to Day 33 in goats but none were produced in antelopes. Macrophage mobilisation and fibroplasia were encountered at any stage from Day 2. Myocardial degeneration was found in a foetus from a goat ewe that died on Day 9 of experimental slangkop poisoning. When compared to goats both eland and kudu were much more resistant to gifblaar and slangkop poisoning, while springbok were as susceptible to gifblaar but very resistant to slangkop poisoning.

The experimental findings of both acute and chronic myocardial lesions were borne out by field cases in cattle and small stock that died of heart failure in gifblaar and slangkop areas. Myocardial degeneration was also found in a bovine foetus which was aborted by a cow that suffered from slangkop poisoning. In South West Africa, the number of mortalities during spring and early summer associated with myocardial lesions is indeed very perturbing.

GALENIA AFRICANA L. (AIZOACEAE) POISONING IN SHEEP

J.J. van der Lugt, N. Fourie, R. Anitra Schultz; Section of Pathology, Veterinary Research Institute, P O Box 12502, 0110 Onderstepoort, Republic of South Africa

Little is known about the toxicity, pathogenesis and pathology of *Galenia africana* (kraalbos) poisoning. Under field conditions, ingestion of the plant has been associated with liver damage and severe ascites, referred to as "waterpens" or water belly, in sheep and goats. Clinical cases of "waterpens" seem to develop more commonly in ewes and especially in those that are in poor condition during times of drought when they are forced to browse the plant. The marked liver lesions in sheep and goats associated with kraalbos poisoning led farmers and researchers to believe that the plant contains a still unidentified hepatotoxin. The hepatic lesions seen in a recent field case as well as those found in a retrospective study on preserved cases in the files at the Veterinary Research Institute, Onderstepoort, were compatible with cyanotic induration, possibly resulting from chronic congestive right heart failure. In most of these cases where myocardium was available, multifocal lesions which ranged from acute to chronic, were present.

A sheep was dosed over a period of 51 d with milled *G. africana,* at levels of 5 g kg^{-1} body mass from Day 0-6, 10 g kg^{-1} from Day 7-13 and 15 g kg^{-1} from Day 14-51 of the experiment when the animal developed ruminal stasis. Terminally (Day 58) the cardiopulmonary flow index was calculated by means of the isotope ^{99m}Tc- pertechnetate, and a value larger than 10 was determined (normal for sheep is 6-7), indicating cardiac dysfunction. Two d later the sheep died of heart failure. At necropsy the liver was markedly enlarged and yellow-brown with prominent lobulation. Microscopically, marked centrilobular fibrosis with bridging of contiguous lobules and duplication of central veins was seen. No gross myocardial lesions were noted, but microscopic examination revealed multifocal areas of vacuolar degeneration, hyaline degeneration and necrosis, mononuclear cell infiltrations and fibrosis mainly subepicardially in the right ventricle and in the interventricular septum.

Further experiments to determine whether the liver lesions are induced by a hepatotoxin or whether they result from congestive heart failure are to be performed.

CARDIOMYOPATHIES CAUSED BY JANUARIEBOS *(GNIDIA POLYCEPHALA)* AND AVOCADO *(PERSEA AMERICANA)* LEAVES

R. Grant, H.H. Booker, P.A. Basson, J.B. Hofherr, M. Anthonnisen; Central Veterinary Laboratory, P/Bag X13187, 9000 Windhoek, South West Africa/Namibia

Four sheep were drenched either with dried or freshly ground-up *Gnidia polycephala*. Multiple doses were administered for 4 to 17 days and the dosages varied from *c.* 4 - 20 g kg^{-1}. The total mass dosed for each animal was 2,0; 2,3; 2,85 and 8,5 kg respectively. The most important clinical findings were rumen stasis followed by colic, foaming at the mouth, grinding of the teeth, anorexia and diarrhoea. The latter was apparently a sequal to the ruminal stasis. The sheep which received a total of 2 kg died naturally on Day 13. The other sheep had to be destroyed on Day 9, Day 10 and Day 30, respectively. At necropsy, ruminal stasis and ulceration of the forestomachs were fairly constant lesions. Hepatic degeneration, enteritis, ascites, suspected myocardial degeneration and bronchopneumonia were seen in one or more of the animals.

Dit is noodsaaklik dat die reun sowel as die vroulike diere wat vir teeldoeleindes gebruik word, volledig gebalanseerde diëte in voldoende hoeveelhede sal ontvang, om hul veranderende behoeftes te bevredig. Daar moet egter teen vetsug gewaak word, aangesien dit tot laer vrugbaarheid lei. In die geval van vroulike diere mag konsepsie nadelig beïnvloed word, terwyl probleme ook met die geboorte van die kleintjies ondervind mag word.

Energiebehoeftes van dragtige tewe

Tydens dragtigheid is die energiebehoeftes van die teef gemiddeld 20% hoër as tydens onderhoud. Dit is veral tydens die laaste helfte van dragtigheid belangrik om die totale inname van alle essensiële nutriënte by die toename in massa aan te pas. Indien dit nie prakties moontlik is om die voedseltoekenning op massatoename te baseer nie, moet aanbeveel word dat die hoeveelheid voedsel vanaf die vierde tot sesde week van dragtigheid verhoog word. Op daardie stadium verhoog die teef se behoeftes met ongeveer 60%. Dié toename tydens die latere stadia van dragtigheid, het 'n oorhoofse toename vir die dragtigheidsperiode van 20% tot gevolg. As voorbeeld kan gemeld word dat tewe tydens dragtigheid 84 - 95 kkal kg^{-1} dag^{-1} vergeleke met 'n onderhoudsbehoefte van 79 - 92 kkal kg^{-1} dag^{-1} vir jong volwasse honde benodig[35].

Energiebehoeftes tydens laktasie

Die energiebehoeftes verhoog tydens laktasie as gevolg van die sekresie van groot hoeveelhede proteïen, vet en minerale in die melk. Oftedal[44] meld dat die melk van honde relatief gekonsentreerd is en tussen 21-26% droë materiaal, 8-12% vet, 7-10% proteïen en gemiddeld 3,81% suiker en 146 kkal bruto energie per 100 g bevat. Indien in aanmerking geneem word dat 'n Duitse Herdershond 1,7 kg melk dag^{-1} produseer, wanneer piek-laktasie ongeveer 3 weke post partum bereik word, en dat klein hondjies die ekwivalent van 10 tot 14% van hul liggaamsmassa per dag inneem, is dit duidelik waarom energie so 'n belangrike rol in die voeding van die lakterende teef speel.

Ten einde te verseker dat die teef voldoende voedsel inneem, is dit 'n goeie praktyk om die werpsel kort na geboorte te weeg. Dit is bereken dat die klein hondjies ongeveer 220 kkal kg^{-1} liggaamsmassa benodig. Die energie moet as addisionele voedsel aan die teef voorsien word.

'n Normale teef wat 'n werpsel soog, sal teen die tyd dat sy die tweede of derde week van laktasie bereik, 2,5 tot 3 keer haar onderhoudsinname benodig. As voorbeeld kan 'n Labrador teef van 28 kg met 'n werpsel van 8 kleintjies, met 'n totale massa van 12 kg teen 3 tot 4 weke ouderdom voorgehou word. Op dié stadium benodig die klein hondjies ongeveer 200 kkal kg^{-1} dag^{-1} wat deur middel van die melk voorsien moet word. Die teef moet derhalwe 2 400 kkal in die vorm van melk lewer. Die teef se melk bevat ongeveer 1 300 kkal ℓ^{-1} en gevolglik is die hoeveelheid melk wat gelewer moet word dus 1,85 ℓ. In dié geval, word die aanname gemaak dat die energie in die melk 100% doeltreffend deur die klein hondjies benut word. Tydens die produksie van melk is daar egter spesifieke verliese aan energie en kan aanvaar word dat die proses ongeveer 75% doeltreffend is, in welke geval die teef 3 200 kkal vanuit haar voedsel moet verkry om 2 400 kkal in die vorm van melk te lewer. Hierbenewens sal die teef 1 600 kkal vir haar eie onderhoudsbehoeftes benodig. Gevolglik is haar totale behoeftes tydens laktasie 4 800 kkal[21]. Hoewel die berekening op die energiebehoeftes vir bevredigende melkproduksie gebaseer is, word die behoefte aan ander nutriënte op 'n soortgelyke wyse verhoog. Dit is dus noodsaaklik dat die teef voldoende addisionele voedsel van 'n hoë kwaliteit sal ontvang. Dit moet nie net uit koolhidrate en vet bestaan nie, maar indien die hond nie genoegsame hoeveelhede koolhidrate en vette inneem nie, sal proteïen as energiebron gebruik word. Dit is 'n ondoeltreffende en duur gebruik van proteïene, wat verhoed moet word. 'n Voorbeeld van 'n tipiese dieet wat gevolg kan word en die invloed op die massa van die teef word in Fig. 2 uitgebeeld.



Fig. 2: Tipiese voedsel-inname en massa van tewe gedurende dragtigheid[35]

Energiebehoeftes van groeiende honde

Baie klein hondjies vermeerder hul geboortemassa 60 keer gedurende die eerste jaar. Die vinnigste toename geskied tussen die eerste en sesde maand. Weens dié vinnige groei het die hondjies 'n baie hoër behoefte as volwasse honde. Oor die algemeen word gevind dat groeiende honde 2 of selfs 3 keer die kalorie-inname kg^{-1} liggaamsmassa, vir onderhoud, as volwasse honde vereis. Ondervinding dui daarop dat klein hondjies van die klein sowel as middelmatige grootte rasse van Cairn Terriers tot Labradors, bevredigend sal groei indien hulle diëte ontvang wat 335 kkal kg^{-1} dag^{-1} aan die hondjie voorsien[24]. Groter rasse soos die Great Dane en Newfoundlands benodig egter tot soveel as 400 kkal kg^{-1} dag^{-1} indien hulle bevredigende groei gedurende die eerste 5 of 6 maande wil handhaaf. Vanaf 5 tot 6 maande sal die behoefte vir energie en nutriënte geleidelik afneem, namate die groeitempo afplat, om dan uiteindelik teen 'n jaar of 18 maande ouderdom volwasse onderhoudsvlak te bereik. Dit is naastenby 110 - 120 kkal kg^{-1} dag^{-1} vir klein rasse, 130 -140 kkal kg^{-1} dag^{-1} vir middelmatige en 200 kkal kg^{-1} dag^{-1} vir groot rasse.

Energiebehoeftes van werkende honde

Harde werk lei tot spanning en gevolglik moet die voedingsprogram vir die addisionele behoeftes van die nutriënte wat vir die verhoogde spieraktiwiteit vereis word, sowel as dié om die invloed van spanning te verminder, voorsiening maak. Die nutriënte wat as geredelik beskikbare bronne van energie dien, is vet en koolhidrate. Die voorsiening van die nutriënte was in die verlede die primêre oogmerk in diëte vir honde wat aan drastiese oefening onderwerp is. Studies wat egter met sleehonde tydens wedrenne gedoen is, het daarop gedui dat die proteïenbehoefte hoër is, as wat uit 'n energie-voorsieningsoogpunt verwag word. Die behoefte aan proteïen word geassosieer met die reaksie wat onder toestande van spanning, in die rooibloedseltelling waargeneem is. Spanning onderdruk rooibloedseltelling in honde. Die korrekte verhouding van proteïen, vet en koolhidrate word dus deur die oefening, sowel as die spanning waaraan die hond onderwerp word, bepaal. Die noodsaaklikheid om die rooibloedseltelling in stand te hou, word onderstreep deur die waarneming dat jaghonde se suurstofverbruikstempo 8 keer hoër is as tydens onderhoud, terwyl die energiebehoefte 4 keer hoër is. 'n Maksimum suurstofverbruikstempo van meer as 100 cm kg^{-1} min^{-1} is gerapporteer[50]. Voldoende proteïen moet dus in die dieet ingesluit word om die verlangde rooibloedseltelling te handhaaf.

Goeie resultate is met sleehonde verkry, wat aan langafstand wedrenne deelgeneem het, deur 17% van die beskikbare energie in die dieet, in die vorm van oplosbare koolhidrate te voorsien. Indien 28% van die beskikbare energie in die vorm van hoë kwaliteit proteïen voorsien word, is dit nie voldoende om die rooibloedseltelling, onder toestande van volgehoue harde werk, in stand te hou nie. Dit was egter wel moontlik, indien 32% van die energie in die vorm van proteïen voorsien is[30]. Hoewel 'n hoër proteïenvlak dus wenslik is, moet in gedagte gehou word, dat meer energie benodig word om proteïen, as koolhidrate te metaboliseer. Indien die totale nutriëntvlak dus nie in die werksituasie verhoog word nie, moet

die vet- en koolhidraatvlak, in plaas van die proteïene, verhoog word[29]. 'n Vergelyking tussen 'n onderhoudsdieet en 'n ideale dieet vir honde onder toestande van harde werk en spanning, word in Tabel 3 weergegee.

Tabel 3: 'n Vergelyking tussen 'n dieet wat voldoende is vir onderhoud en 'n ideale dieet vir harde werk en spanning[31]

Energiedigtheid	Onderhoud	Harde werk en spanning	Harde werk en spanning/ onderhoud
Kkal 100 g^{-1} DM	350	530	1,50
Energieverhoudings			
Proteïen %	16	32	2,00
Vet%	14	51	3,60
Koolhidrate %	80	17	0,21
Droë materiaal basis			
Proteïen %	13	42	3,20
Vet %	5	30	6,00
Koolhidraat %	66	22	0,33
Vesel %	10	2	0,22
As %	6	4	0,67
Verteerbaarheid	70	90	1,30

Verskeie kliniese toestande, wat as gevolg van harde werk en spanning na vore tree, kan deur 'n korrekte voedingsprogram verbeter of vermy word. Die toestande sluit die diaree-dehidrasie-spanningsindroom, uitputtingsrhabdomiolise (''tying-up''), opblaas, bloeding in die maag, spanningsanemie en metatarsale frakture in. Die moontlikheid bestaan dat die toestand van hitte-uitputting deur die dieet beïnvloed mag word, 'n aspek wat van kardinale belang in die Suid-Afrikaanse konteks is.

Nutriëntbenutting

Koolhidrate

Die volwasse nie-werkende hond verkry energie uit koolhidrate, vette en proteïene. Hoewel aanvanklike voedingbehoefte-tabelle aangedui het dat koolhidrate noodsaaklik is in hondevoedsel, word dié vereiste nie meer, sedert die 1974 uitgawe van die NRC, as 'n vereiste gestel nie. Die stelling word gemaak dat honde in staat is om normaal te funksioneer op 'n koolhidraatvrye dieet[27].

Koolhidrate speel egter 'n belangrike rol in die voeding van honde. Dit word as proteïenbespaarder, 'n geredelik beskikbare bron van energie en vir die instandhouding van die bloedglukosevlak in die dieet, ingesluit. Die hoeveelheid koolhidrate, wat in die dieet ingesluit word, sal afhang van die ander nutriënte se bydrae tot die totale energiebehoefte. Sewe-en-sestig persent koolhidrate word egter as 'n praktiese maksimum in volledig gebalanseerde diëte beskou.

Burger[8] wys daarop dat die insluiting van 'n hoë persentasie vet in 'n koolhidraatvrye dieet vir dragtige tewe, die oorlewing van die kleintjies betekenisvol verlaag het, in vergelyking met 'n kontrole groep wat 44% van die totale metaboliseerbare energie in die vorm van koolhidrate ontvang het. Die effek word toegeskryf aan 'n ernstige bloedsuikergebrek. Dit moet beklemtoon word dat die koolhidraatbron gekookte stysel was, wat geredelik deur honde, sowel as deur katte benut word.

In soverre dit die rol van koolhidrate in die diëte van lakterende tewe betref, is die situasie deur Romsos et al.[48] toegelig d.m.v. 'n studie met Beagle-tefies. Die tefies is een van 2 diëte gevoer. In Dieet I is 44% van die metaboliseerbare energie vanuit koolhidrate verkry, terwyl Dieet II koolhidraatvry was. Die 2 groepe het egter ekwivalente hoeveelhede energie ontvang. Uit die resultate het die volgende na vore getree.

* Geeneen van die tewe wat Dieet I ontvang het, het enige tekens van 'n bloedsuikergebrek getoon nie.
* Tewe op Dieet II het verlaagde plasma-konsentrasies van alanien en laktaat en verhoogde konsentrasies vry vetsure en hidroksiebutinaat teen die einde van die dragtigheid getoon.
* Die totale aantal kleintjies gebore is nie deur die dieet beïnvloed nie.
* 'n Kleiner getal van Groep II is lewend gebore (63%) teenoor 96% van dié wat Dieet I ontvang het.
* Na 3 dae was slegs 35% van die kleintjies van die tewe wat Dieet II ontvang het lewendig, teenoor 93% van dié op Dieet I.
* Melk van die tewe wat Dieet II ontvang het, het 'n laer persentasie energie vanaf laktose en 'n hoër persentasie vanaf vet verkry as dié wat Dieet I ontvang het.
* Die groei van die kleintjies is egter nie deur die dieet van die moeders beïnvloed nie.
* Die gevolgtrekking word gemaak dat die dragtige tewe koolhidrate in die dieet vereis, ten einde optimale reproduktiewe prestasie te verseker.

Bestudering van die glukose-behoefte gedurende die laaste fase van dragtigheid en die laktasie-periode, dien as verduideliking vir die drastiese invloed wat die lae-koolhidraatdieet uitoefen. Die onderhoud van dragtigheid het 36 kkal ME kg^{-1} vereis teenoor die 113 kkal ME kg^{-1} wat benodig is om laktasie op Dieet I te onderhou.

Hoewel die energie wat benodig word om laktasie te onderhou, 3 keer hoër as die behoefte vir dragtigheid is, word slegs 'n klein persentasie van die energie wat benodig word om laktasie in stand te hou uit glukose verkry. Luick et al.[33] het in studies met lakterende Beagles gevind dat 68-100% van die koolstof vir laktosesintese deur plasmaglukose voorsien word. Die melk van die hond bevat egter 'n lae persentasie laktose. Luick et al.[32] wys daarop dat laktose slegs 8% van die metaboliseerbare energie in die melk van Beagles voorsien, terwyl dit in die geval van die koei en die mens, onderskeidelik 27% en 41% voorsien. 'n Relatief lae glukosevlak word dus benodig. Hierteenoor word 'n aansienlike proporsie van die energie om dragtigheid te onderhou uit glukose, wat die hoof energiebron vir die ontwikkeling van die fetus is, verkry.

Die lae bloedsuikervlak wat by tewe wat 'n lae-koolhidraatdieet ontvang het, waargeneem is, mag die gevolg wees van 'n beperkte kapasiteit om glukose te sintetiseer of as gevolg van 'n gebrek aan voorgangers. Laasgenoemde moontlikheid word ondersteun deur 'n afname in die sirkulerende alanien- en bloedlaktaatvlakke in die tewe wat die lae-koolhidraatdieet ontvang het. Tekens van ketose wat geassosieer word met hipoglukemie en hipo-alanienemie, is by die honde wat die lae-koolhidraat dieet ontvang het, waargeneem, hoewel honde relatief bestand is teen ketose. Koolhidrate lewer

dus beslis 'n positiewe bydrae tot die welstand van honde tydens dragtigheid en laktasie.

Die vraag wat nog beantwoord moet word, is of koolhidrate in die diëte van werkende honde 'n rol speel. Dit is bekend dat verskeie energiebronne vir die sametrekking van spiere gebruik word. Hierdie bronne word op 'n ge-orkestreerde wyse benut. Die onmiddellike bron is adenosien-trifosfaat (ATP), wat twee hoë-energie fosfaatbindings het. Elke spiervesel bevat genoeg ATP om vir minder as 1 s saam te trek. Dit word onmiddellik deur genoeg hoë-energie fosfate vanaf kreatinienfosfaat, genoeg vir 'n verdere aantal sametrekkings, aangevul. Hierdie fosfaatverbindings sal die energie vir vinnig hardloop deur honde, vir minder as 10 s onderhou.

Hoë-energie fosfaatverbindings word in die spiervesels deur die afbraak van glikogeen, 'n koolhidraat wat in die selle gestoor word, en glukose wat deur die selle uit die bloed opgeneem word, gegenereer. Die glikolise proses is anaerobies en is minder effektief as aerobiese metabolisme of oksidasie.

Benewens glukose is die ander hoof energiebron in die bloed, vetsure, wat verkry word deur die mobilisering van die vetdepots. Vetsuur-metabolisme in die spierselle is volkome aerobies. In honde wat teen die helfte van hul maksimum spoed hardloop, sal die verhoogde bloedvloei meer as genoeg suurstof, glukose en vry-vetsure na die werkende spiere dra. Die aantal mitokondria verhoog slegs met oefening van die spiere wat werk. Die suurstofverbruik en relatiewe bydrae van glukose en vetsure word in Tabel 4 weergegee.

Tabel 4: Suurstofverbruik en relatiewe bydrae van glukose en vetsure vir honde, wat vir 4 uur teen 6,4 km h^{-1} teen 'n helling van 15° op 'n trapmeul hardloop[31]

Duur van die oefening, h	0	1	4
Suurstofverbruik cm^3 min^{-1}	85	500	500
Persentasie suurstofverbruik waarvoor rekenskap gegee word deur die oksidasie van:			
Glukose	16	11	11
Vetsure	30	49	71
Persentasie stuurstofverbruik — geen rekenskap voor	54	40	18

In gesonde werkende spiere bestaan daar 'n fynbeheerde balans tussen aerobiese en anaerobiese prosesse, tussen die benutting van intra- en ekstra-spier-energiebronne en tussen koolhidrate en vetbenutting. Kortstondige intense werk vereis dus glikolise. 'n Windhond wat byvoorbeeld vir 30 s teen 61,1 km h^{-1} hardloop, vul al die ATP aan deur anaerobiese afbraak van die spierglikogeen. Langer maar ligter werk is aangewese op die oksidasie van glukose en vetsure wat deur die bloed na die spiere gedra word. Huskies wat vir 55 min teen 30,9 km h^{-1} hardloop vul ATP deur die oksidasie van vet aan en gebruik 15,32 kkal min^{-1} of 838 kkal vir die wedren.

Glukose is dus nie die hoofbron van energie in die spiere nie, maar voorsien vir slegs 16% van die oksidasie in die rustende toestand en vir selfs minder tydens hardloop teen 'n lae spoed. Tydens werk, verhoog suurstofverbruik 6 keer, maar glukose oksidasie slegs 4 keer. Daarteenoor neem die oksidasie van vry-vetsure 13 keer toe, sodat die fraksie onder langdurige werk uiteindelik vir 71% van die suurstofverbruik aanspreeklik is.

Selfs meer fassinerend is die suurstofverbruik waarvoor daar nie in terme van die 2 komponente (glukose en vetsure) rekenskap gegee kan word nie. 'n Gedeelte van die fraksie verteenwoordig die oksidasie van ketoonliggaampies, veral wanneer die oefening uitgerek is. Volgens Paul & Issekutz[46] is daar egter nog 54% suurstof waarvoor daar nie tydens rus rekenskap gegee kan word nie. Die vraag is of karnivore meer aminosure metaboliseer as wat algemeen gereken word. Koolhidrate speel dus wel 'n rol in die voeding van die werkende hond. Dit is egter onbekend of 'n bepaalde hoë vlak van koolhidrate in die dieet proteïenbesparend sal kan optree in 'n werksituasie.

Vette

Benewens die belangrike rol wat vette in die dieet van werkende honde speel, moet dit nie uit die oog verloor word dat vet 'n essensiële nutriënt in die diëte van honde is nie. Die NRC aanbeveling is 5% vet, hoewel die werklike vlak mag varieer in ooreenstemming met die essensiële vetsuursamestelling. 'n Linoleïensuurpeil van 1% op 'n droë basis is 'n vereiste. Indien 2% van die ME as linoleïensuur voorsien word, word alle tekortsimptome ook by klein hondjies waargeneem. Honde het egter 'n wye toleransie vir vet en konsentrasies van 5% tot 20% (op 'n lugdroë basis) word aanbeveel om die vereiste linoleïensuur-peil te voorsien. Honde het egter al vir periodes van 2 jaar, bevredigend op diëte presteer met 'n vetinhoud van 40%. Wanneer hoë konsentrasies vet ingesluit word is dit noodsaaklik dat 'n anti-oksidant bygevoeg word ten einde ransigheid en die gevolglike vernietiging van vitamiene E en A te verhoed.

Die mees waarneembare tekortsimptome in diëte met 'n lae vetinhoud, is die ontwikkeling van 'n abnormale vel en haarkleed asook 'n verhoogde voorkoms van velinfeksies. 'n Volledige opheffing van die toestand word egter nie verkry indien die vlak van dierevet nie minstens 15% van die totale kalorieë voorsien nie. In dié opsig is varkvet, met 'n linoleïensuur-inhoud van 12%, baie meer effektief as beesvet wat slegs 2% linoleïensuur bevat.

Hoewel beide linoleïensuur en aragidoniensuur as poli-onversadigde vetsure geklassifiseer word en effektief in die opheffing van die vet-tekortsindroom is, is linoleïensuur die essensiële vetsuur waaruit aragidoniensuur gesintetiseer word. Linoleïensuur speel ook 'n rol by die instandhouding van 'n gesonde haarkleed, maar sal nie alleen 'n tekort-toestand ophef nie.

Proteïen

Mellentin[35] is van mening dat 'n minimum van 12% van die kalorieë wat daagliks deur 'n hond benodig word, deur proteïen voorsien behoort te word. Die meeste diëte bevat egter proteïen van plantaardige sowel as dierlike oorsprong waarvan sommige 'n lae biologiese waarde het. Praktiese diëte voorsien dus gewoonlik voldoende proteïene om 20-25% van die dieet se kalorieë te verskaf. Indien vet nie meer as 5% per gewig van die droë materiaal voorsien nie, sal proteïenpeile van 22% tot 25% ongeveer 25% van die totale kalorieë in die dieet lewer. Indien hoër vlakke vet ingesluit word (10-15%), sal meer proteïen, waarskynlik soveel as 30% benodig word.

Tydens dragtigheid is dit 'n goeie beleid om proteïene en totale nutriënte wat 25% bo die onderhoudsbehoefte is, te handhaaf. Die vlak behoort tot 100% bo onderhoud verhoog te word vir ten minste die eerste maand na parturisie. Indien in gedagte gehou word dat tussen 0,25% en 0,33% van die stikstof wat die lakterende teef inneem, in die vorm van melk uitgeskei word, is dit vanselfsprekend dat 'n hoë kwaliteit proteïen aan die teef voorsien moet word.

Tydens groei is die behoefte aan dieet-proteïen, sowel as die totale kalorieë hoog. Dit word deur die gegewens in Tabel 5 gereflekteer.

Tabel 5: Aanbevole nutriëntpeile vir honde[35]

Nutriënt		Volwasse onderhoud	Groeiende hondjies
Proteïen	g	4,8	9,6
Vet	g	1,1	2,2
Linoleïensuur	g	0,22	0,44
Minerale			
Kalsium	mg	242	484
Fosfor	mg	198	396
Kalium	mg	132	264
Natriumchloried	mg	242	484
Magnesium	mg	8,8	17,6
Yster	mg	1,32	2,64
Koper	mg	0,16	0,32
Magnesium	mg	0,11	0,22
Sink	mg	1,1	2,2
Jodium	mg	0,034	0,068
Selenium	µg	2,42	4,84
Vitamiene			
Vitamien A	IU	110	220
Vitamien D	IU	11	22
Vitamien E	IU	1,1	2,2
Thiamien	µg	22	44
Riboflavien	µg	48	96
Pantoteensuur	µg	220	440
Niasien	µg	250	500
Piridoksien	µg	22	44
Foliensuur	µg	4	8
Biotien	µg	2,2	4,4
Vitamien B12	µg	0,5	1
Cholien	mg	26	52

Volgens die gegewens in Tabel 5, word aanbeveel dat 9,6 g proteïen kg^{-1} liggaamsmassa dag^{-1} aan groeiende honde voorsien word. Die NRC beveel aan dat 'n dieet wat 22% proteïen (op 'n droë basis) bevat, met 'n proteïen-kwaliteit ekwivalent aan kaseïen, vir jong honde gebruik word. Die vraag moet egter gestel word of die peil wel optimaal is. Burns et al.[11] vind dat die groei van 8 tot 10-week-oue hondjies verhoog is, deur die proteïenpeil van die dieet te verhoog van 0% tot 15%. 'n Verhoging van 15% tot 20% het egter nie 'n betekenisvolle verbetering in die groei teweeg gebring nie. Voerinname per se is nie deur 'n toename in die proteïenpeil van die dieet bo 7,5% verhoog nie. Die doeltreffendheid van voerverbruik het egter progressief toegeneem tot op 'n vlak van 15% proteïen (Tabel 6).

Die groei van 13 tot 17-week-oue honde is nie betekenisvol verbeter deur die dieet-proteïenpeil bo 10% te verhoog nie. 'n Analise van die gebroke responslyn vir massatoename, wat volgens Robbins et al.[47] uitgevoer is, toon dat die minimum proteïenbehoefte, vir optimale groei van die honde 11,3% is. Die minimum dieet-proteïen vir optimale proteïen-doeltreffendheid, blyk 11,7% te wees. Die invloed van dieetproteïenpeil op die groei, dieetinname en doeltreffendheid van voedselbenutting word in Tabel 7 aangestip.

Die proteïenbehoefte van die 8 tot 10-week-oue honde is op grond van hierdie studie beraam om 14,0 gm proteïen dag^{-1} kg^{-1} te wees (15,0% dieet-proteïen), terwyl die proteïenbehoefte vir die 13 tot 17-week-oue honde 9,3 g proteïen dag^{-1} kg^{-1} blyk te wees (11,7% dieetproteïen).

Proteïenkwaliteit

Die voedingswaarde van proteïen is primêr van die proteïen se verteerbaarheid en die aminosuurinhoud daarvan, relatief tot die dier wat vir die biotoets gebruik word, afhanklik. Die omvang van proteïenvertering en die behoefte vir aminosure varieer tussen spesies en met ouderdom. Verskille in die proteïenbenutting kan byvoorbeeld verwag word tussen honde en rotte, aangesien honde 'n laer lisien-, swawelbevattende aminosuur- en histidienbehoefte as rotte het. Beperkte inligting is egter oor die verteerbaarheid van dieet-proteïen in honde beskikbaar. Uit werk van Hegstedt & Chang[23] blyk dit dat die verteerbaarheid van proteïene, wat volledig uit plantaardige produkte saamgestel is, ongeveer 80% was. In die studie deur Burns et al.[11] is die skynbare verteerbaarheid in 2 groepe honde wat in ouderdom verskil het, vergelyk. Die skynbare proteïen-verteerbaarheid van die groepe wat onderskeidelik 8 - 10 weke en 13 - 17 weke oud was, was egter vergelykbaar. Die waarde was egter betekenisvol laer as die verteerbaarheidswaarde wat met rotte verkry is. Die skynbare verteerbaarheid is egter wel deur die proteïenpeil van die dieet beïnvloed. Dit was egter nie die geval met die ware proteïenverteerbaarheidswaarde van laktalbumien, kaseïen en soja-isolaat nie. Die verskille in skynbare verteerbaarheid moet dus toegeskryf word

Tabel 6: Die invloed van proteïenpeil op die groei, dieet-inname en doeltreffendheid van voerverbruik (8 - 10 weke ouderdom)[11]

Parameters	Dieet-proteïenpeil (%)						
	0,0	5,0	7,5	10,0	12,5	15,0	20,0
Massatoename $g\ dag^{-1}$	−19,5	7,4	42,4	62,4	66,6	81,6	105,2
Dieet-inname $g\ dag^{-1}$	90	120	170	188	184	189	196
Doeltreffendheid van voerverbruik	−0,222	0,036	0,248	0,314	0,351	0,433	0,538

Tabel 7: Die invloed van dieet-proteïenpeil op die inname, groei en doeltreffendheid van voerverbruik van groeiende honde (13 - 17 weke ouderdom)[11]

Dieet-proteïen (%)	5,0	7,5	10,0	15,0	20,0
Groei (g dag^{-1})	29,5	52,6	80,8	95,1	91,4
Dieetinname (g dag^{-1})	211	210	240	266	224
Doeltreffendheid van voerverbruik	0,129	0,235	0,342	0,418	0,414

aan die rol wat endogene fekale stikstofuitskeiding in die spesies speel. Die vraag is egter wat is die waarde vir die fraksie en of dit verskil tussen honde met verskillende liggaamsmassas. Kendall et al.[28] het 'n studie onderneem om die totale endogene stikstofuitskeiding van honde te kwantifiseer. Die fekale en urinêre stikstofuitskeiding is tydens 'n 14-d metaboliese periode met honde, waarvan die liggaamsmassa van 2,0 kg tot 51,0 kg gewissel het, gemeet. 'n Stikstofvrye dieet is gedurende hierdie periode aan die honde voorsien. Die gemiddelde (±SA) endogene urinêre stikstof, metaboliese fekale stikstof en totale endogene stikstof uitset, was onderskeidelik 210 ± 9; 63 ± 3 en 273 ± 9 mg kg^{-1} dag^{-1}. Geen betekenisvolle verskille, as gevolg van geslag of liggaamsmassa, is ten opsigte van die parameters waargeneem nie. Die endogene urinêre stikstofuitskeiding was egter betekenisvol ($p < 0,02$) positief ($r = 0,5$) met die verlies in liggaamsmassa gedurende die metaboliese periode gekorreleer. Die patroon van urinêre stikstofuitskeiding van die honde, op die proteïenvrye-dieet, word in Fig. 3 uitgebeeld.



Fig. 3: Urinêre stikstofpatroon van honde op 'n proteïenvrye dieet[28]

Die minimum hoeveelheid metaboliseerbare proteïen (N x 6,25) wat vereis word, om die totale endogene stikstofverlies van 273 mg kg^{-1} aan te vul, blyk 1,7 g kg^{-1} te wees. Dit is egter reeds onomwonde met mense bewys, dat sulke lae vlakke van proteïeninname, onvoldoende is om 'n aanvaarbare interne stikstofbalans te handhaaf, selfs wanneer dit in die vorm van heeleierproteïen voorsien word[22]. Dit is dus waarskynlik dat 'n minimum proteïenvlak vir die onderhoud van volwasse honde ietwat hoër as die 1,7 g kg^{-1} dag^{-1} sal moet wees[28].

Aminosuurbehoeftes van volwasse honde

As monogastriese dier, is die hond afhanklik van proteïen met 'n spesifieke aminosuur-samestelling, wat aan sy behoeftes sal voldoen. 'n Dieet vir optimale produksie kan dus slegs saamgestel word indien die behoeftes aan die onderskeie aminosure bekend is.

'n Aanbeveling ten opsigte van sekere aminosure se behoeftes is deur Burger et al.[8] vir honde gemaak. Volgens die gegewens in Tabel 8 het 'n volwasse hond nie arginien in die dieet nodig nie. Die bewering is egter in stryd met die resultate van Burns et al.[14] wat bewys gelewer het dat arginien wel essensieël vir die volwasse hond is. Die gevolgtrekking is gebaseer op die bepaling van metaboliete in die bloed en nie slegs op verandering in

Tabel 8: Aanbevole aminosuurpeile vir honde[8]

Aminosuur	Volwasse honde	Groeiende honde
Treonien	264	600
Valien	325	450
Sistien[(a)]	88	350
Metionien	180	450
Sistien plus metionien[(a)]	268	800
Isoleusien	302	800
Leusien	544	600
Tirosien[(a)]	211	
Fenielalanien	304	
Tirosien en fenielalanien[(a)]	515	1 000
Histidien	132	130
Triptofaan	79	150
Lisien	368	650
Arginien	NB[(b)]	1 000

\+ Alle waardes is uitgedruk as mg 400^{-1} kkal ME wat ongeveer ekwivalent is aan mg 100^{-1} g droë materiaal in kommersiële diëte.

(a) Die waardes vir sistien en tirosien reflekteer die mate waartoe hierdie aminosure respektiewelik kan substitueer vir die totale behoefte vir metionien en fenielalanien.

(b) NB — nie benodig

Tabel 9: Invloed van arginientekort op die plasma en urinêre metaboliete in volwasse honde wat 2 keer per dag geforseerde voeding ontvang het[14]

	Kontrole	Arginien
Liggaamsmassa-verandering kg 4 dae^{-1}	0,48 ± 0,10	−0,28 ± 0,05
Plasmametaboliete		
NH_4 - N, μg cm[13]	1,0 ± 0,3	2,6 ± 0,5
Ureum, mg 100cm^{-3}	52 ± 3	40 ± 2
Orotaat, μg cm^{-3}	0,7 ± 0,2	4,3 ± 0,8
Urinêre metaboliete		
NH_4 — N, g dag^{-1}	2,7 ± 0,5	1,7 ± 0,2
Ureum, g dag^{-1}	17,5 ± 1,3	12,7 ± 0,8
Orotaat, mg dag^{-1}	1,1 ± 0,2	45,0 ± 5,0
Sitraat, mg dag^{-1}	40 ±12	115 ±12
Totale urinêre N, g dag^{-1}	16,0 ± 0,8[a]	15,9 ± 1,3[a]
Totale fekale N, g dag^{-1}	0,4 ± 0,3[a]	0,4 ± 0,2[a]
Stikstofbalans, g dag^{-1}	0,2 ± 0,8[a]	0,3 ± 0,1[a]

Getalle gemerk[a] verskil nie betekenisvol nie

liggaamsmassa nie. Die invloed van arginientekort word in Tabel 9 geïllustreer.

Die weglaat van arginien uit 'n dieet van volwasse honde het tot 'n betekenisvolle verlaging in liggaamsmassa, episodes van drastiese vomering, spierbewerasie en skuim om die mond van die honde gelei. Die kliniese tekens wat by die honde waargeneem is, het met dié by groeiende honde en katte wat arginientekort-diëte ontvang het, ooreengestem. Geen ander aminosuurtekort het tot die kliniese tekens aanleiding gegee nie. Historiese kliniese tekens mag die gevolg wees van 'n induksie van hiperammonemie. Die arginientekort het dus tot 'n betekenivolle toename in die plasma-ammoniak en 'n afname in die urinêre-ammoniakvlak gelei. Hierbenewens is 'n verhoging in die orotaat- en sitraatvlakke in die urine waargeneem. Ten spyte van die feit dat arginien vir optimale groei en stikstofbalans vereis word, is geen betekenisvolle verandering in die stikstofbalans waargeneem nie. Die bevinding is in ooreenstemming met die resultate wat deur Nakagawa et al.[40] met kinders verkry is.

Die uitskeiding van orotiensuur blyk 'n waardevolle metaboliet te wees om die arginienstatus van ureotiliese soogdiere te bepaal. Die metaboliet is van besondere waarde in volwasse diere aangesien die uitskeiding daarvan, tot 'n groter mate as massaverandering of stikstofbalans, deur 'n arginientekort beïnvloed word.

Die gemelde studie dui daarop dat 0,28% arginien in die dieet 'n betekenisvolle verandering in die normale intermediêre metabolisme in die volwasse hond verhoed (Tabel 10).

Histidien

In 'n studie waarin die behoefte van honde ten opsigte van histidien bestudeer is, is gevind dat honde 'n histidienvrye dieet vir 40 d tot 60 d kan verdra, alvorens enige tekortsimptome na vore tree. Die rede vir die relatief stadige aanvang van die manifestasie van die histidientekortsindroom, kan aan verskeie faktore wat ter behoud van die histidienpoel inwerk, toegeskryf word. Dit sluit in die vrystelling van histidien vanuit karnosien, 'n afname in die sintese van hemoglobien, 'n daling in die tempo van histidien-degradasie, 'n verlaging in die ekskresie van histidien in die urine en die moontlike produksie van histidien deur die niere. Verskeie van die faktore blyk waargeneem te word in honde wat onderwerp word aan 'n histidientekort. Sodra tekens van 'n histidientekort voorkom, mag dit egter dikwels baie vinnig in intensiteit toeneem. Dié tekort lei tot 'n daling in die plasma- en spierhistidien, spierkarnosien, liggaamsmassa, hematokrit en serumalbumienvlakke. Oor die langtermyn, blyk dit dat die plasma-sinkvlak daal en 'n laer sink- en kopervlak word in die heelbloed van honde, met 'n histidientekort,

Tabel 10: Verandering in liggaamsmassa, dieet-inname, urinêre-ammoniak, ureum, orotaat en sitraat in volwasse honde op aminosuurdiëte met verskillende konsentrasies arginien[12]

	Dieët-arginien (%)			
	0,000	0,28	0,56	1,12
Liggaamsmassa-verandering kg 5 dae^{-1}	−1,13[a]	0,40[b]	0,23[b]	0,10[ab]
Dieet-inname, kg droë dieet 5 dae^{-1}	1,89[a]	3,21[b]	3,14[b]	3,29[b]
Urinêre-metaboliete op dag 5				
NH_4 N g dag^{-1}	0,35[a]	1,32[b]	1,47[b]	1,57[b]
Ureum g dag^{-1}	8,1[a]	10,4[a]	12,6[a]	10,2[a]
Orotaat mg dag^{-1}	38,6[a]	5,8[b]	0,5[b]	0,7[b]

Getalle met dieselfde boskrifte verskil nie betekenisvol nie

Tabel 11: Die invloed van 'n gedeeltelike of totale verwydering van metionien in die dieet op die dieet-inname, liggaamsmassa, doeltreffendheid van voerverbruik en stikstofbalans van groeiende honde.[37]

Behandeling	Dieet-inname g dag^{-1}	Massa-verandering g 14 dae^{-1}	Doeltreffendheid van voerverbruik	Stikstofbalans g N 7 dae^{-1}
Kontrole (0,82 % metionien)	234^{b}	577^{c}	0,45^{a}	7,22^{c}
50% metionien (0,41% metionien)	239^{b}	410$^{b\,c}$	0,42^{a}	7,16^{c}
0% metionien	65^{a}	−474^{a}	−0,67	−1,33^{a}

Getalle met dieselfde boskrifte verskil nie betekenisvol nie

waargeneem. Dié waarneming ondersteun die moontlikheid dat daar 'n metaboliese interverwantskap tussen histidien, sink en koper bestaan[15]. Ten einde die voorkoms van die kliniese tekens te verhoed, blyk 'n vlak van 0,33% histidien in die dieet voldoende te wees, hoewel die peil nie as 'n vereiste gekwantifiseer is nie.

Aandag is spesifiek aan die aminosure geskenk, aangesien arginien voorheen nie as essensieel vir die volwasse hond beskou is nie, terwyl die respons op 'n histidien-tekort relatief lank neem voordat dit waargeneem kan word.

Aminosuurbehoeftes van die groeiende hond

Dit is logies dat die groeiende hond se aminosuurbehoeftes hoër as dié van die volwasse hond sal wees. In studies deur Milner[36] en Milner et al.[37] is bewys gelewer dat leusien, lisien, valien, fenielalanien, arginien, metionien, treonien, triptofaan, histidien en isoleusien essensiële aminosure was wat in die dieet van groeiende honde voorsien moes word. 'n Tekort aan enigeen van hierdie aminosure, lei tot 'n betekenisvolle afname in die voerinname, groei en stikstofbalans van die onvolwasse hond. Die spesifieke behoeftes vir hierdie aminosure moes egter nog gekwantifiseer word.

Gebaseer op die groei- en stikstofbalans-gegewens van hierdie studie (Tabel 11), blyk dit dat groeiende honde 0,41% of minder metionien benodig indien die sistien peil op 0,35% van die dieet gehandhaaf word. Daar was egter 'n betekenisvolle verhoging in die plasma en urinêre vlakke wat weens 'n verhoogde aminosuurkatabolisme, geassosieer word met 'n aminosuurwanbalans. Hiervolgens blyk dit dat die totale swawelbevattende aminosuurvlak van 0,76% nie die onderhoudsbehoeftes en normale intermediêre metabolisme in die groeiende hond bevredig nie. Indien die dieet 0,82% metionien bevat, word sistien nie benodig nie. Burns & Milner[12] vind in opvolgende studies dat optimale groei, doeltreffendheid van voerverbruik en stikstofretensie in honde verkry is, wat 0,60% L-sistien en 0,20% metionien ontvang het. Opvolgende studies wys dat die totale swawelbevattende aminosuurbehoefte 0,39% was. Die waarde is egter baie laag.

'n Baie interessante waarneming wat in die studie gemaak is, is dat honde in staat is om L-metionien, D-metionien, DL-metionien, N-asetiel-L-metionien en OH-metionien doeltreffend te benut. Die hond kan egter nie N-asetiel-D-metionien benut nie. In die vervaardiging van hondekosse kan L-metionien dus doeltreffend met die gemelde komponente vervang word. Dit kan ekonomies voordelig wees, of soos in die geval van N-asetiel-L-metionien, kan dit die vorming van onwenslike reuke en smake, wat as gevolg van die degradering van DL-metionien tydens prosessering vorm, verhoed[4].

'n Belangrike aspek wat egter nie tot dusver in berekening gebring is nie, is die energiekonsentrasie van die dieet. Blaza et al.[5] bring die saak egter in 'n studie met Labradors en Beagles in perspektief. Dit blyk dat die honde wat 0,39% metionien en 0,15% sistien ontvang het, 'n betekenisvol laer liggaamsmassa, stikstofretensie, voedselinname en doeltreffendheid van voerverbruik gehad het as die honde wat 0,57% en 0,74% metionien in die teenwoordigheid van 0,15% sistien ontvang het. Die diëte het 468 kkal ME 100 g^{-1} voorsien, wat meebring dat 'n vlak van 116 mg TSAA 100 kkal ME^{-1} nie voldoende vir groei is nie. Die laagste vlak, wat voldoende was vir die groeiende hond, was die 0,57% metionienpeil. 'n Baie interessante bevinding wat in 'n aanvullende studie deur die werkers waargeneem is, was dat waar 117 mg TSAA 100 kkal ME^{-1} vanaf 'n vry-aminosuur dieet verkry is, dit onvoldoende was vir Labradors, maar voldoende blyk te wees vir sommige Beagles. Die bevinding werp meer lig op moontlike rasverskille, sowel as die verskil tussen intakte en vry-aminosuurbehoeftes.

'n Belangrike verskil tussen die resultate wat in dié studie en voriges verkry is, is die verskil in die periode waaroor die studie uitgevoer is. Die studie het oor 'n periode van 5 weke gestrek, terwyl die ander slegs 2 weke geduur het. Dit mag die verskil in behoeftes ten opsigte van metionien verklaar.

Fenielalanien en tirosien

Fenielalanien is 'n essensiële aminosuur vir die groeiende hond. In die werk van Milner[36] blyk dit dat die fenielalanienbehoefte laer as 0,58% is, indien 0,35% tirosien in die dieet teenwoordig is. Milner et al[38]. het met breekpunt-analises aangedui dat die minimum persentasie dieet-fenielalanien vir groei, doeltreffendheid van voerverbruik en stikstofbalans onderskeidelik 0,80%, 0,64% en 0,80% is. In breekpunt-analises vir tirosien is gevind dat 0,28% tirosien optimaal is, indien die dieet 'n totale aromatiese aminosuurinhoud van 0,6% gehad het. Die gevolgtrekking wat uit die studie gemaak word, is dat 0,8% beskikbare fenielalanien as die vereiste vir die aromatiese aminosure gestel kan word. Dit moet egter in gedagte gehou word dat geslag, ouderdom en fisiologiese status die behoefte vir die aminosure mag beïnvloed.

Triptofaan

Die triptofaanbehoefte van die onvolwasse hond is bevredig deur die voorsiening van 145 mg kg^{-1} dag^{-1} of deur 0,17% triptofaan in die dieet te voorsien. Czarnecki & Baker[17] rapporteer dat die triptofaanbehoefte vir optimale groei van 6 tot 10-week-oue Engelse Pointers 0,16% was, en 0,12% vir 12 tot

Tabel 12: Vereiste aminosuurkonsentrasies in die diëte van groeiende honde[43]

Aminosuur	Per 1 000 kkal ME g	Droë Basis 3,67 kkal ME g^{-1} %
Arginien	1,37	0,50
Histidien	0,49	0,18
Isoleusien	0,98	0,36
Leusien	1,59	0,58
Lisien	1,40	0,51
Metionien-sistien	1,06	0,39
Fenielalanien-tirosien	1,95	0,72
Treonien	1,27	0,47
Triptofaan	0,41	0,15
Valien	1,05	0,35
Nie-essensiële aminosure	17,07	6,26

14-week-oue hondjies is. Die studies het ook bewys gelewer dat die D-triptofaan benutting 36 ± 6% (SA) van L-triptofaan is. Gebaseer op hierdie resultate is die behoefte vir triptofaan op 82 mg kg^{-1} dag^{-1} of 0,41 g 1 000 kkal ME^{-1} dieetenergie vasgestel.

Die jongste aminosuurbehoeftes[13] van die NRC word in Tabel 12 saamgevat. Hieruit is dit duidelik dat al die jongste gegewens oor aminosuurbehoeftes nog nie daarin opgeneem is nie.

Verdere studies word nog benodig om die aminosuurbehoefte vir honde van verskillende ouderdomme en geslagte te bepaal. 'n Aspek waaroor daar egter nog geen inligting bestaan nie, is die aminosuurbehoeftes van honde wat aan harde werk en spanning onderwerp word. In al hierdie studies sal die moontlike antagonisme wat tussen bepaalde aminosure mag bestaan, egter nie uit die oog verloor word nie. Czarnecki et al.[18] het in 'n studie met Engelse Pointers getoon dat indien lisien in 'n oormaat gevoer word, dit tot die verlaging van groei deur antagonisering van arginien gelei het. Benewens die aminosuurbehoefte, is die korrekte verhouding tussen die aminosure dus 'n vereiste.

Voeding van die kat

Hoewel die voedingspatroon van die kat tot 'n baie groot mate deur die noue assosiasie met die mens beïnvloed is, moet die volgende drie primêre feite nie uit die oog verloor word nie:

* Die kat is 'n woestyntipe dier wat sy oorsprong in die subtropiese areas gehad het.
* Onder natuurlike toestande, is dit 'n ware karnivoor.
* Dit is 'n geleentheids-, eerder as 'n kontinue vreter.

Dié feite is verantwoordelik vir die gespesialiseerde ekonomie en unieke behoeftes van die kat[49].

Vloeistofinname

Studies wat op die vloeistofinname en urineproduksie van katte gedoen is, het getoon dat die kat 'n minimale inname van vloeistof in die vorm van water het, dit wil sê in die natuurlike staat drink die kat ongeveer een maal in 24 uur. Hoewel die kat dus geleer kan word om melk en selfs tee te drink, is dit beslis nie natuurlike gedrag nie. Die enigste wyse waardeur verseker kan word dat die waterinname van die kat verhoog word, is om addisionele water by die dieet in te sluit. In die natuurlike staat verkry die kat die meeste van sy vloeistof uit karkasse wat ongeveer 70% water bevat. Metaboliese water word ook verkry uit die vet wat ingeneem word. Dit is waarskynlik die rede waarom die droë beskuit-tipe diëte nog nooit werklik deur die kat aanvaar is nie, selfs al drink katte meer water wanneer dié tipe dieet voorgesit word. Die totale waterinname van jong katte was 76,9 g kg^{-1} liggaamsmassa, terwyl die waarde tot 57,1 g kg^{-1} in die volwasse kat gedaal het. In vergelyking met 'n volwasse mens, het die kat 'n besondere vermoë om urine te konsentreer en daardeur, soos woestyndiere, water in hul liggame terug te hou.

Kalorieë, koolhidrate en vette

Die kaloriebehoeftes van katte is reeds in die vyftiger jare deur werkers bepaal en is vir die volwasse kat, op 60 kkal kg^{-1} liggaamsmassa gestel. Onder natuurlike toestande sal die kat ongeveer 60% van sy kalorieë uit vette verkry. 'n Klein verhoging in die hoeveelheid vet in 'n spesifieke dieet mag die aanvaarbaarheid daarvoor vir die kat opmerklik verhoog.

Die stelling wat dikwels gemaak word dat katte 'n gevoeligheid vir vet het, is deur Humphreys & Scott[25] ondersoek. In die studie is die proporsie vet en plantolie geleidelik tot 64% van die droë massa van die dieet verhoog. Gedurende die laaste maande van die eksperiment was die totale vet-inname 30,7 g dag^{-1}, die gemiddelde kalorie-inname 276 kkal en die gemiddelde massatoename 8,5 g dag^{-1} vir die individuele katte wat 2,6 kg geweeg het. Die vetinhoud van die ontlasting het tydens die proef konstant gebly, wat daarop dui dat die vet met 'n hoë mate van doeltreffendheid benut is. Aangesien die kalorie-inname bo die behoefte gestyg het, is met post mortale ondersoek gevind dat die vet onderhuids, in die buiknet en retroperitoneaal neergelê is. 'n Besondere mate van vetsug is waargeneem. Slegs die katte wat onbeskermde olie ontvang het, wat nie anti-oksidant bevat het nie, het tekens van geelvetsiekte getoon.

Die toksiese effek van poli-onversadigde vetsure van marine oorsprong, soos byvoorbeeld in lewertraan en tunavis, is welbekend. Die rede hiervoor is dat die kat nie 6-denaturase bevat nie en dieetbronne vereis wat die prostaglandien-voorgangers dihomo-, linoleïen- en aragidoniensuur bevat. Dit word algemeen aanvaar dat die kat 1% linoleïensuur in die dieet vereis ten einde essensiële vetsuurtekorte te verhoed.

Daar is geen bewys gelewer dat die kat koolhidrate in die dieet vereis nie. Indien dit egter voldoende proteïen en vet bevat, kan die balans van die kaloriebehoeftes deur koolhidrate voorsien word, aangesien dit 'n goedkoper bron van energie is. Laktose word swak benut.

Tabel 13 Ideale diëte vir katte[35]

	Pasgebore %	Jong en volwasse %
Water	72	70
Proteïen	9,5	14
Vet	6,8	10
Koolhidraat	10	5
As	0,75	1
Kalsium	0,035	0,6
kkal	142	150

Hoewel die laktase-aktiwiteit hoog in die jong kat is, daal dit tot 'n baie lae peil in die volwasse kat. Die gevolg is dat die melksuiker na die dikderm deurvloei waar dit fermentasie ondergaan, die ophoping van gas veroorsaak en veral in die Siamese kat diarree mag veroorsaak.

Glikogeen en dekstrien word geredelik deur die pankreatiese amilase verteer, maar die stysel moet gekook wees[49].

'n "Ideale" dieet vir katte waarin die hoë kaloriedigtheid van die natuurlike dieet beklemtoon word, word in Tabel 13 weergegee.

Proteïen- en aminosuurbehoeftes van katte

Die tradisionele beskouing was dat katte 'n hoër proteïenbehoefte as ander soogdiere het. Dickinson & Scott[19] was van mening dat die dieet vir groeiende katte 33% proteïen van 'n hoë biologiese waarde moes bevat. Volwasse katte het 'n proteïenbehoefte van 21% gehad. Die bevindings is ondersteun deur Jansen et al.[26] Die resultate is egter gekompliseer deur die gebrek aan inligting oor die kat se aminosuurbehoeftes. Burger et al.[9] en Burger[10] se navorsing dui egter daarop dat indien die aminosuurverhoudings vir die kat vir optimale groei aangepas word, 12,5% proteïen voldoende sal wees vir katte.

Swawelbevattende aminosure

